DESEMBER
1958

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

## IN HIERDIE UITGAWE


- Ontwikkeling in die Natuurwetenskappe — deur dr. T. J. W. Jorden
  Kankerpasiënt — deur P. W. Buys
- Tant Miemie se Besluit — deur P. D. Swart
  Moderne Dekoratiewe Erdewerk in S.A. — deur dr. F. G. E. Nilant
- By die Bad — deur D. F. Malherbe
  Quo Vadis? — deur Anna Hollenbach
- Gedigte


JAARGANG 8 NOMMER 4

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•

Redakteur: ABEL COETZEE

•

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK

Administrasie:
Mej. S. VICTOR
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry

•

JAARGANG 8 NOMMER 4

# DESEMBER — 1958

# *Inhoud*


*Bladsy*

ONTWIKKELING IN DIE NATUURWETENSKAPPE: Dr. T. J. W. Jorden 5

HERFS LULLABY e.a. GEDIGTE: Barend J. Toerien ... 17

GEBED VIR 'N GRYSAARD e.a. GEDIGTE: Jac. J. Brits 20

KANKERPASIËNT: P. W. Buys ...... 21

TANT MIEMIE SE BESLUIT: P. D. Swart ...... 22

GEBED AAN EIDEB e.a. GEDIGTE: Abr. Fouché ...... 29

MODERNE DEKORATIEWE ERDEWERK IN S.A.: Dr. F. G. E. Nilant 31

RAAISEL e.a. GEDIGTE: A. J. J. Visser ...... 43

BALLADE VAN DIE BLOED: R. J. van Rensburg ...... 45

NOCTURNE e.a. GEDIGTE: J. van Vuuren ...... 46

BY DIE BAD: D. F. Malherbe ...... 48

IDYLLE e.a. GEDICHTEN: Amand Simoens ...... 58

VERLANGE e.a. GEDIGTE: J. P. Malan ...... 60

TREURWILG e.a. GEDIGTE: B. le Roux ...... 61

QUO VADIS? Anna Hollenbach ...... 62

HEDENDAAGSE VLAAMSE LETTEREN: André Demèdts 63

BY DIE JONGERES ...... 71

BRIEWE ...... 77

OOR BOEKE ...... 79


Foto's: Suid-Afrikaanse Erdewerk.

VERSKYN BINNEKORT

# Drie Bundels Kritiese Opstelle

DEUR N. P. VAN WYK LOUW

- SWAARTE- EN LIGPUNT:
  *Benaderings van die Literatuur I*
  Maklike opstelle oor die letterkunde wat o.a. vir studente bedoel is. Prys 17/6

- 'N WÊRELD DEUR GLAS:
  *Benaderings van die Literatuur II*
  Bevat moeiliker opstelle vir die meer gevorderde leser. Prys 17/6

- LIBERALE NASIONALISME
  Met die ondertitel: „Gedagtes oor die nasionalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners, met 'n kulturele nadrup." 'n Bundel opstelle oor nie-literêre sake. Prys 17/6

- OOK DEUR N. P. VAN WYK LOUW
  HERDRUKKE
  ALLEENSPRAAK Prys 15/9
  GESTALTES EN DIERE Prys 15/9
  DIE HALWE KRING Prys 15/9

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK
Posbus 119, Parow — Posbus 95, Port Elizabeth — Posbus 1058, Bloemfontein
Posbus 9898, Johannesburg — Groote Kerk-gebou, Kaapstad

# Ontwikkeling in die Natuurwetenskappe en Vraagstukke wat dit oplewer vir die mens as Kultuurwese

Dr. T. J. W. JORDEN

(Bestuurder:
Wetenskaplike en Navorsingsdepartement: Yskor)

Ons lewe in 'n tydperk waar die vrugte van die tegniek 'n rigtinggewende en selfs oorheersende invloed op die daaglikse lewe van die mens uitoefen. Hierdie invloed is nie beperk tot slegs die geïndustrialiseerde lande nie, maar het ook reeds deurgesypel tot 'n meerdere of mindere mate tot die minderontwikkelde of selfs onontwikkelde lande. Die vliegtuig en die radio het die isolasie wat deur afstand verleen was oorbrug en die aardbol laat krimp uit die oogpunt wat die moontlikhede van kontak tussen mense en volke betref. Soos by alle uitinge van die mens se gees het ook hierdie ontwikkelinge in die natuurwetenskaplike wêreld sy goeie en slegte kante. Die doel van hierdie artikel is om kortliks 'n opname te maak van waar die mens staan ten opsigte van sodanige ontwikkelinge en hoe dit veral sy strewe as kultuurwese in verhouding tot sy Skepper raak.

*Die Aanbiedinge van die Tegniek in materiële sin:*

Ietwat meer as 300 jaar gelede toe van Riebeeck sy reis na die Kaap beplan het, het hy reeds oor sekere tegniese hulpmiddels beskik, onder andere oor enigsins seevaardige skepe, 'n kompas om hom die rigting te wys en 'n primitiewe navigasiekaart. Die reis was egter 'n gevaarlike onderneming wat oor baie maande selfs jare sou strek, en sy probleme was legio. Sy seilskepe was aan die genade van gunstige winde oorgelaat; hulle het nie oor die vermoë beskik om onder eie krag te vaar nie. Vir die lang reis het die verskaffing van voldoende vars water en gesonde voedsel geweldige probleme geskep. 'n Aanvulling van vars water op die ope see was slegs moontlik deur reënwater op te vang. Die verskaffing van vars water deur die distillering van seewater of deur ontsouting met ioonuitruilers of deur elektrodialise was nie tot die beskikking van Van Riebeeck nie. Vars vrugte en vars groente kon nie bewaar word nie omdat die moderne verkoelingstegniek nie

bekend was nie, en die kennis en fasiliteite om voedsel in te maak met behoud van voedingswaardes was ook nie beskikbaar nie. Vleis kon alleen in gepekelde of gerookte toestand bewaar word.

Gedurende die reis was die reisendes totaal afgesny van die buitewêreld, want die geriewe van die radio het nie bestaan nie. As die betreklik onbeholpe vaartuie in nood sou verkeer kon geen noodseine uitgestuur word of hulp ontbied word nie, en as hulle sou vergaan, sou die wêreld eers baie maande later daarvan te hore kom, en dan nog gis oor wat mag gebeur het. Stel hierteenoor die moderne passasiersboot aangedryf deur sy eie krag wat die reis in om en by twee weke aflê; wat die beste voedsel en weeldegeriewe aan die reisende aanbied en wat voortdurend in aanraking met die buitewêreld is. In Van Riebeeck se dae kon daar geen haastige sakeman wees nie; vandag lê hy die reis in minder as vier-en-twintig uur af en is binne 'n paar dae weer terug op kantoor.

Maar hierdie prestasies van die tegniek het so 'n intieme deel van die alledaagse bestaan van die moderne mens geword dat hy dit as vanselfsprekend aanvaar, asof dit maar altyd daar was. Hy reis per motor, per spoor, per skip of per vliegtuig sonder om aan die geweldige mate van natuurwetenskaplike kennis te dink wat met moeite en volharding oor die loop van baie jare of selfs leeftye van die natuur afgedwing moes word, en wat gedien het as basis vir die tegniek om ewe moeitevol daaruit die genoemde en baie ander praktiese geriewe te ontwikkel. Die probleme van die natuur-wetenskaplike, die tegnoloog en die ingenieur om die verskillende krageenhede soos die stoommasjien en stoomturbine, die interne verbrandingsmasjien en die spuitmotor te ontwikkel en waar nodig met die geskikste brandstof te voorsien, dit alles laat die gewone publiek betreklik koud. As SASOL spartel met die geboortepyne van 'n nuwe en baanbrekende proses om vloeibare brandstof uit steenkool uit eie bodem te vervaardig dan is die gewone publiek maar te geneig om op grond van ontwikkelingsprobleme en verbygaande tekortkominge te kritiseer. 'n Werklik simpatieke benadering met die doel om die aard van die probleme beter te begryp is meer die uitsondering as die reël. Maar as in tyd van oorlog die toevoer van brandstof uit die buiteland afgesny of grootliks ingekort word sodat daar nie brandstof beskikbaar is vir die kritikus om op Sondagoggend die gholfbaan te besoek nie, dan swaai hy skielik om en kritiseer die tegnoloog dat daar in vredestyd nie die nodige voorsiening gemaak is nie.

Die gewone man, en selfs die kultuurmens lees sy daaglikse koerant sonder om aan die geweldige prestasies van beide die intellek en die gees van die mens te dink wat die moderne hoë-spoed rolpers ontwikkel het, wat die metaalkundige en skeikundige probleme i.v.m. setwerk en drukkersink opgelos het, en wat deur ontwikkeling van die moderne kommunikasiemiddels die moontlikheid geskep het om feitlik oombliklik nuus uit enige deel van die wêreld te verkry. Op dieselfde wyse skakel hy die radio of die radiogram aan en aanvaar dit as vanselfsprekend. Daar is slegs 'n verbygaande opflikkering van belangstelling as iets nuuts soos stereofoniese reproduksie op die toneel verskyn.

Tog kan en het al hierdie ontwikkelings op die gebied van die natuurwetenskap en tegniek 'n groot invloed op die kulturele strewe van die mens, ten goede of ten kwade al na gelang die mens dit verkies. Die oorbrugging van afstand deur middel van die moderne verkeersmiddels stel die mens in staat om met die kultuurskatte van ander volkere en kulture nader kennis te maak en beter na waarde te beoordeel, en om die draers daarvan as mense beter te verstaan. Maar die moderne verkeersmiddels verskaf ook die moontlikheid om pornografie beter te versprei, om siektes oor te dra, en in tye van oorlog om menselewens massagewyse uit te delg.

Die moderne kommunikasiemiddels stel die kultuurmens in staat om intelligent op hoogte te bly van wêreldgebeure en om na vooraanstaande kunstenaars in te luister. Maar dieselfde middels kan ook dien om ware kultuur te ondergrawe, om die waarheid te verdraai en om tot opstand en geweld aan te hits. Die pers, die radio en die rolprent is uiters magtige middels ten goede of ten kwade.

Die natuurwetenskaplike, die tegnoloog en die ingenieur verskaf hierdie tegniese hulpmiddels aan die mens, maar andere besluit of dit tot voordeel of nadeel van die mens gebruik sal word. Die ironie van die saak lê daarin dat diegene wat die middels skep normaalweg nie by die gebruik daarvan geken of geraadpleeg word nie.

### *Die Prestasie van die Natuurwetenskap in Geestelike Sin*

Die doelstelling van die natuurwetenskap is om die geheime van die natuur te ontrafel om daardeur tot die diepere waarhede van die skepping deur te dring. Hierdie uiting van die gees van die mens volg as 'n natuurlike innerlike drang, in hom ingeplant deur 'n Alwyse Skepper,

en is veral sterk benadruk in die geestessamestelling van die westerse mens. Sonder enige druk van buite is hierdie mens besig om uitvoering te gee aan 'n Goddelike opdrag om die natuur te onderwerp en daaroor te heers.

Die natuurwetenskaplike is dus besig met een van die grootste kultuurtake aan die mens gestel, en hy voer dit met opoffering en toewyding uit omdat dit sy gees verryk, en hy die hoogste mate van voldoening smaak by elke stappie wat hy vorder op die spoor van die waarheid. Vir iemand wat nie vertroud is met navorsing nie is dit miskien moeilik om enigsins te kan begryp wat die gewaarwordinge in die gemoed van die wetenskaplike is wanneer hy daarin slaag om nog 'n stukkie van die sluier van die natuur te lig. Kom ons kyk net vir 'n oomblikkie na sy benadering en werksprosedure.

Wanneer hy voor 'n gegewe probleem te staan kom, word eers deur middel van die betrokke literatuur vasgestel presies wat omtrent die probleem bekend is, wat aanvaarbare feite is en wat bloot teorie of menings mag wees. As 'n vorige navorser meen dat hy reeds 'n oplossing gevind het, word sy probleemstelling, sy beplanning en uitvoering van sy eksperimente, en die resultate verkry waarop sy mening berus, uiters krities nagegaan. Sy redenering op grond van sy eksperimentele bevindinge word nogmaals objektief beproef. Na gelang van omstandighede word 'n reeks oriënterende eksperimente beplan en geloods, en hiermee word volhard totdat die navorser voel dat hy die lig begin sien en dat hy alle bestaande feite kan verklaar. Hierdie verklarende teorie is dan sy werkshipotese wat as waar of onwaar bewys moet word. Uit die werkshipotese word afleidinge gemaak, afleidinge wat vatbaar is vir eksperimentele bevestiging al dan nie. En dan word die eerste eksperimente, volgens werkshipotese beplan, geloods. Wat gaan die antwoord wees? Stel u voor die spanning waarmee die eerste antwoorde afgewag word, die verrukking van die gemoed wanneer antwoord op antwoord konsekwent „ja" is. Probeer om die strenge dissipline van die gees en die onkreukbare eerlikheid teenoor homself te begryp wanneer nog meer en meer eksperimente geloods word, en die navorser daarvan bewus is dat 'n skielike „Nee" mag opdoem om sy hele werkshipotese soos 'n kaartehuis te laat ineenstort. Stel u voor die geestelike moed en volharding wat dit vereis om dan tussen die wrakstukke rond te delf, om te leer wat daar te lere is, en om dan weer van voorafaan te begin. As u, geagte leser, meen dat u hierdie dinge werklik kan verstaan en beleef dan sal

ook u gees verryk en verruim word deur 'n kykie in die siel van die navorser te neem, in die siel van daardie verkennersbende in die natuurwetenskap wat die nuwe paaie aanwys vir die tegniek om nog verdere tegniese voorregte tot u beskikking te stel.

Sonder die natuurwetenskap was die mens se liggaam grootliks beperk tot die omgewing waar hy gebore was, en was sy gees ooreenkomstig beperk tot wat hy in 'n beperkte ruimte kon ervaar. Slegs sy Godsdiens kon aan sy gees meer ruimte verleen. Met die natuurwetenskap het die mens eers werklik vry geword, vry na liggaam en intellek om te beweeg en te ervaar, en vry na gees en siel om te beleef en te deurtas tot in die oneindige ruimtes in. Eers nou kan die mens na 'n vleklose sterrehemel kyk en die boodskap van die sterre enigsins verstaan, ligboodskappe wat uit so 'n oneindige ruimte kom dat hulle tot duisende jare neem om ons te bereik. Eers nou ontplooi die volle glorie van 'n Magtige Skepping, die voorhang skeur en die verblindende lig wat vanuit die Opperwese straal dwing tot ootmoed en ontsag.

Ek voel baie maal dat die natuurwetenskap eintlik in sy grootste taak in belang van die mensdom faal, omdat hy nie genoeg probeer om hierdie lig ook aan die nie-wetenskaplike te openbaar nie. Watter ontsaglike geestesrykdom verbeur die mens nie wat nog nooit die voorreg gehad het om deur die mikroskoop 'n kristal te sien groei of omkristalliseer nie, of 'n lewende sel te sien verdeel nie! Hoe sonder insig in die diepere geheime van die lewe moet die mens nie wees nie wat nog onkundig is oor die drempelgebied tussen die lewende en dooie materie, daar waar die virus een oomblik kristalliseer soos 'n gewone organiese substans, en die volgende oomblik verdeel en vermeerder soos 'n lewende sel! Hoe arm moet die gees nie wees nie daar waar die geestesoor nog nooit die simfonie van die materie in sy elementêrste vorm gehoor het nie, daar waar die „motif" van die atoom oktawe vorm om die musiek van die heelal te versinnebeeld! Hierdie, en 'n legio ander verskynsels in die natuur is die dinge wat behoort in staat te wees om die mens los te ruk van die kleinlikheid van sy daaglikse bestaan, en sy gees te verhef totdat hy veel nader aan sy Skepper leef. Die tegniek bied die middele om hierdie dinge ook aan die massa oor te dra. Waarom word dit nie aangegryp as die magtigste beskikbare middel om die gees van die mens te verryk nie! Die geld wat vermors word op een ruk-en-rol-film kan verskeie sodanige opvoedkundige films maak. As die klagte is dat die moderne jeug

aan die televisieskerm bly vaskleef, sorg dan daarvoor dat daardie skerm hom iets bring wat sy gees sal veredel.

Toe die mens bewus geword het van die natuurverskynsels om hom heen het hy sy eerste ernstige aandag geskenk aan die hemelliggame en hulle beweging. Daaruit het die klassieke meganika ontstaan wat van die grootste waarde was, en nog is, vir alle terreine van die natuurwetenskap waar verskynsels in die makrokosmos bestudeer word. Dit stel, bv. die astronoom in staat om die volgende sonsverduistering jare vooruit tot 'n gedeelte van 'n sekonde te bereken, en presies te bepaal wat die graad van verduistering op enige gegewe punt op die aardbol sal wees. Dit stel ook die ballistiese ingenieur instaat om die presiese trajek van 'n kanonprojektiel te bereken, en die vuurpyldeskundige om sy vuurpyl so te mik dat dit binne die invloedsfeer van die maan beland en soos 'n satelliet daarom wentel.

Met die volledige formulering van die meganika was 'n belangrike deel van die wette van die natuur ontrafel. Omdat hierdie wette so algemene bevestiging op verskeie terreine van die makrokosmiese wêreld gevind het, is natuurwetenskaplikes in die versoeking gelei om hierdie wette as die absolute waarheid te aanvaar en op hierdie wyse het 'n meganistiese denkwyse ontstaan wat nie sonder nadeel op sekere vertakkinge van die wetenskap en wysbegeerte sowel as op ander terreine van die lewe ingewerk het nie. Gesien uit die oogpunt van die geestesuitinge van die mens was die natuurwetenskap in hierdie opsig besig om homself te vervreemd van die kultuuraanvoeling van die mens, en om die afstand tussen die mens en sy Skepper te vergroot.

In hierdie toestand het 'n epogmakende ommeswaai plaasgevind toe die besef deurgedring het dat die determinisme wat die wette van die makrokosmos kenmerk maar slegs 'n deel van die waarheid uitmaak; dat daar wel 'n onsekerheidsfaktor in die spel is, maar dat by makrokosmiese verskynsels hierdie faktor so nietig is in vergelyking tot die eenhede waarmee gemeet word dat dit nie gemeet kon word nie. In die mikrokosmiese wêreld, egter, is die verhoudinge heel anders en hier speel die indeterminisme 'n baie belangrike rol. Hierdie begrip van indeterminisme tree ten duidelikste na vore in die werklike mikrokosmos van die atoombou, en het daar sy beslag gekry in die Onsekerheidsverhoudinge van Heisenberg. Hierop, en op die kwantum-konstante van Planck is die hele moderne kwantummeganika opgebou, wat op sy beurt gelei het tot die geweldige vordering in ons kennis van die geheime van die struktuur van die atoom. In sy praktiese uitwerking het dit

gelei, aan die een kant tot die mees verwoestende atoombomme, en aan die ander kant tot die mees diensbare ontwikkeling van atoomkrag.

Uit die oogpunt van die menslike gees is dit nie die atoombomme of die kragopwekkingsmoontlikhede wat van belang is nie, maar wel Heisenberg se begrip van 'n onsekerheidsfaktor in die natuur. Dit mag nog geruime tyd neem totdat hierdie belangrikste van alle ontdekkings in sy volle implikasies deurdring tot alle vertakkinge van die natuurwetenskap, maar een ding is reeds duidelik; die koms van die nuwe natuurkunde het die meganistiese benadering in die natuurwetenskap verwyder en 'n nuwe skakel tot die Opperwese gesmee.

### *Die Invloed van die Natuurwetenskap op die Siel van die Mens*

Uit wat in die voorafgaande slegs heel kortliks aangestip is sal dit duidelik wees dat die mens reeds sover gevorder het met sy kennis van die Natuur dat hy oor groot mag beskik wat hy kan aanwend, ten goede of ten kwade. Sy gebruik daarvan ten kwade is reeds in die verbygaan so hier en daar aangeroer. Een baie belangrike aspek ten kwade wat uit die meganistiese benadering voortgevloei het, nl. die kweek van die massa-mens onder andere aangehelp deur oordrewe spesialisasie, het ek reeds by die jaarvergadering van die Akademie vir Wetenskap en Kuns behandel, en hierdie verhandeling sal eersdaags deur middel van die Tydskrif van die Akademie beskikbaar wees.

Dit is dus nie nodig om daarop verder in te gaan nie. Ook op nog ander terreine van die lewe is die benadering van die natuurwetenskap reeds ten kwade gebruik of uitgebuit. In hierdie artikel wil ek egter slegs een verdere aspek van groot belang vir die kultuurmens van die weste aanroer, nl. die verhouding van die Godsdiens tot die natuurwetenskap. Om 'n bespreking van hierdie aspek binne perke te hou wil ek my beperk tot die Protestantse vertolking van die Christelike Godsdiens, en dan meer bepaald tot die benadering van ons Afrikaanse kerke tot die saak.

Almal wat dit met die Kerk goed bedoel is dit eens dat die materialisme van die twintigste eeu 'n groot bedreiging inhou vir die Godsdiens in die algemeen en vir die Christendom in die besonder. Van die kant van die Afrikaanse kerke word gedurig gekla oor 'n gebrek aan belangstelling en oor die afsydigheid van die jeug. In gesprekke met kerklike leiers kom dit aan die lig dat die kerk dit moeilik vind

om die moderne mens te bereik, en dat die besef deurdring dat die beproefde metodes van ouds deesdae nie meer so doeltreffend blyk te wees nie. Na aanleiding van wat ek reeds aangedui het i.v.m. die prestasies van die natuurwetenskap in geestelike sin wil ek hier 'n wenk aan die hand doen, 'n wenk wat ek hoop ons kerklike leiers tenminste grondig sal oorweeg voordat hulle dit verwerp.

As eenmaal aanvaar word dat die metodiek of benaderingswyse van die verlede nie meer suksesvol is vir voelingname met die moderne mens nie dan moet klaarblyklik die metodiek verander word. 'n Fatalistiese berusting met klaagliedere as enigste teken van lewe sal ons nie 'n enkele stap vooruit bring nie — inteendeel dit sal enige agting vir die kerk wat nog mag bestaan net verder ondermyn.

Daar bestaan ook grondige redes waarom die kerk in moeilikheid verkeer en waarom 'n nuwe benadering ernstige oorweging verdien. Ek het reeds daarop gewys dat sonder die natuurwetenskap die mens na gees en liggaam gebonde was, en dat slegs sy Godsdiens meer ruimte aan sy gees kon verleen. Maar met die koms van die natuurwetenskap het die gees van die mens vryheid in ander rigtinge gevind, rigtinge wat langs 'n ander weg hom ook nader aan sy Skepper bring en sy inherente godsdienssin tot 'n groot mate bevredig. Daar het as 't ware 'n vorm van mededinging ontstaan en die kerk is besig om die stryd te verloor, nie omdat die boodskap van die kerk minder belangrik vir die mens geword het nie, maar omdat dit in 'n verouderde vorm gebring word, 'n vorm wat die verbeelding van die moderne mens nie meer kan beetpak nie. Laat ons nie ons koppe in die sand steek nie, maar laat ons die toestand vol in die oë kyk. Hoe kan die kerk, en veral die Afrikaanse kerke, van die natuurwetenskaplike of van die onontwikkelde leek, wat 'n kykie in die glorieryke Werke van 'n Magtige Skepper gehad het, verwag om 'n benadering te aanvaar, wat, hoe opreg ookal bedoel, nog die stempel van die middeleeue dra en deur implikasie die grootsheid van die Skepper en Sy Skepping verkleineer! Want as u hierdie aardbol van ons, 'n stippeltjie in die heelal, saam met sy nietige mensewesens daarop, tot die sentrum van God's skepping verhef, asof die res nie bestaan nie, verkleineer u die Skepping en daardeur die Skepper daarvan.

Dit is oorwegings soos hierdie wat die moderne mens afsydig van die kerk maak, en nie omdat hy 'n soveel slegter mens is nie. Per slot van sake moet ook elke mens probeer om harmonie in sy gemoed te skep, en hy kan dit nie doen

nie as sy intellek gedurig in opstand teen sy gees en siel verkeer nie. Maar dit is ook nie nodig nie! Is die kerk dan so onseker oor die ewige waarhede waarop sy leerstellings gebaseer is, dat hy bang is om hulle aan die vuurproef van die mens se intellek en gees te onderwerp! As dit die geval is dan het die Protestantisme geen betekenis meer nie. Maar as natuurwetenskaplikes weet ons dat dit nie die geval is nie. Ten spyte van alle vordering op natuurwetenskaplike gebied bly hierdie ewige waarhede nog net so rotsvas staan, en is die bydrae van die wetenskap eerder bevestigend as ontkennend. Want die wetenskap besef dat daar 'n grenslyn is wat, hoewel buigsaam en terugwykend, hy tog nie kan hoop om te deurdring nie. Wat anderkant die grenslyn lê is vir die Godsdiens en die Geloof om te deurdring.

As dit dan so is, en terwyl die nuwe natuurkunde besig is om 'n nuwe skakel tot die Opperwese te smee wat weldra alle vertakkinge van die wetenskap sal beïnvloed, waarom kan die Godsdiens deur sy draer die kerk nie die wetenskap verwelkom as bondgenoot op die hoëre vlak van die gees nie. Uit die aard van dinge kan die wetenskap slegs aanvullend tot die Godsdiens wees, en kan nooit die Godsdiens of die kerk vervang nie. Dit sou ook 'n heel natuurlike bondgenootskap wees want die Christelike Godsdiens het sy teelaarde gevind in dieselfde gemeenskaplike geestesbodem as sy wapendraer die natuurwetenskap.

Ek is nie onbewus van die moontlikheid dat hierdie voorstel die implikasies van 'n tweede reformasie mag inhou nie, maar ek voel in my diepste wese oortuig dat dit die Christendom 'n ongekende bloeityd sal besorg en dat daardeur die redding van die westerse beskawing versekerd sal wees. Die Christelike kerk moet onder geen misverstand verkeer nie. Hy word gedra deur die beskawing van die Weste, hy is uit die Weste en van die Weste, en as hierdie beskawing sou verdwyn, verdwyn hy saam van die toneel.

Die ruimte aan my toegestaan is byna verstreke, en ek kan dus slegs een voorbeeld neem om die uitwerking van 'n bondgenootskap, waar die natuurwetenskap as wapendraer van die Godsdiens optree, te illustreer. Ek neem die geskiedenis van die skepping, aan die eenkant soos in die Bybel beskrywe in die boek Genesis, en aan die anderkant soos die natuurwetenskap die latere fases van die bewoonbaarwording van ons aardbol sien. Hierdie vergelyking berus op die veronderstelling dat die geskiedenis van die skepping soos in die Bybel aangegee betrekking het op die

totstandkoming van die aardbol waarop ons woon, en nie van 'n ander son of hemelliggaam nie, en ook nie op die heelal as sodanig nie. Nòg die Bybel nòg die natuurwetenskap gee ons spesifieke informasie oor die oersubstans waaruit die aarde gevorm is. Die enigste aanduiding in die Bybel is dat dit deur God geskep is. Om te skep veronderstel handeling, aksie, waarvoor energie nodig is. Die wetenskap weet nie waarvandaan die oerstof gekom het nie, maar kan alleen konstateer dat dit in 'n uiters energieryke toestand verkeer het, en dus moontlik uit die omskepping van energie in materie kan ontstaan het. Verder vermoed die wetenskap dat hierdie oerstof in sy eerste stadium disperseer was in die vorm van 'n newel of nebula, soortgelyk aan ander nebulae wat nog aan die hemelruim sigbaar is, en dat hierdie gedisperseerde oerstof langsaam gekoaguleer het om ons huidige sonnestelsel te vorm, 'n stelsel waarvan die aardbol een van die planete is. Wat vir die verloop van die geskiedenis van die aardbol soos deur die Bybel aangegee van belang is, is die feitlike sekerheid dat die aardbol by sy vormaanneming 'n gloeiende son was, net soos ons huidige son. Nou leer die natuurwetenskap ons dat die son in 'n uiters energieryke toestand verkeer, tot so 'n mate dat die atome van die oermaterie waaruit dit bestaan voortdurend opgebreek word om meer eenvoudige en meer stabiele atome te vorm. Van die ligtere atome wat so ontstaan is dié van die permanente gasse waterstof en suurstof, en weens die chemiese affiniteit tussen hierdie elemente verbind hulle om waterdamp te vorm. Hierdie brandende massas waterstof wat tot geweldige hoogtes die hemelruim inskiet, vorm die sogenaamde „corona" van die son en kan by sonsverduistering duidelik waargeneem word. In die geval van die hete aardbol is behalwe suurstof en waterstof klaarblyklik ook groot hoeveelhede stikstof vrygestel.

Met die verloop van tyd wat waarskynlik in miljoene of biljoene jare gereken moet word, het die aardbol tot so 'n mate afgekoel dat sy buitenste kors die vaste toestand aangeneem het en die geweldige massas gevormde waterdamp tot 'n newelsluier om die afgekoelde aarde kon saampak. In hierdie toestand was die aardbol in duisternis gehul, want die lig van die son kon die geweldige wolkesluier nie deurdring nie. En hier sluit ons weer by die Bybelverhaal aan. Toe die temperatuur van die aardkors laag genoeg gedaal het, kon die waterdampsluier kondenseer en die water op die aarde vergader. Dit was die eerste dag of periode, en na die kondensasie was die sluier ver-

wyder en was daar lig. Maar die aarde was woes en leeg, met ander woorde daar was geen lewe op die aarde nie. Let ook op dat die Bybel aandui dat die aarde om sy as draai, want daar was dag en nag. En toe kom die tweede dag of periode waarin water geskei word van water. Die aardkors was toe nog dun en die gesmelte kern warm en aktief. Heelwat versteuring van die oppervlakte moes deur vulkaniese aksie voorgekom het, en waar water deurgedring het tot die warmer dele moes geweldige erupsies plaasgevind het. Dit alles, saam met erosie, het die weg voorberei vir die derde dag of periode toe die water versamel het in die laere dele van die aarde se oppervlakte om die seë te vorm, en die hoëre dele drooggelê is as vasteland. Toestande het dus gunstig geword vir die bestaan van lewe, en die eerste lewe verskyn tereg in die vorm van plantegroei.

Die gebeure volgens die Bybel op die vierde dag refereer blykbaar na die son, en kan moontlik 'n herhaling wees van wat reeds op die eerste dag gebeur het. Meer waarskynlik, egter, het dit betrekking op die stabilisering van die omwenteling van die aardbol om sy eie as wat tot gereëlde periodes van nag en dag gelei het.

Interessant is egter die referensie na die verskyning van die maan as 'n satelliet van die aarde. In die wetenskap heers hier nog groot verskil van mening, maar die oorwegende getuienis dui in die rigting dat die maan nie 'n oorspronklike deel van ons sonnestelsel was nie maar later ontstaan het as gevolg van die samepakking van kosmiese stof.

Die vyfde dag of periode breek aan en lewende wesens maak hul verskyning, nie op land nie, maar in die water presies in ooreenstemming met die evolusieleer. Hierna eers volg die eerste wesens op land, nl. die voëls en reptiele. Daarna op die sesde dag volg in korrekte volgorde die landsdiere, die soogdiere, en eers hierna die mens.

Uit hierdie voorbeeld is dit duidelik dat daar geen botsing bestaan aangaande die essensiële feite tussen die verhaal van die Bybel en die beskouing van die natuurwetenskap nie; die wetenskap vul slegs die detail aan. Wat merkwaardig is, is die feit dat sodanige informasie reeds aan Moses bekend was. Hy kon dit nie van kontemporêre kennis verkry het nie want dié het beslis nie bestaan nie. Die kerk se verklaring moet dus aanvaar word, nl. dat dit deur openbaring of inspirasie geskied het, sy dit deur 'n droom soos in die geval van Johannes of andersins.

Ek wil die saak daar los, want ek meen die implikasies

behoort duidelik te wees. Dit is, egter, nodig om een waarskuwing te konstateer indien die Kerk enigsins belangstelling in hierdie nuwe benaderingswyse sou toon. Die Kerk kan sy eie dissiplinêre kode volgens sy eie behoefte vasstel; die wetenskap aan die anderkant het sy eie dissipline, en daaraan mag onder geen omstandighede getorring word nie.

## Opvoeding

Kultuur en gemeenskap eis die vernis oor die opgevoede mens, dus twee duidelike prosesse, moontlik agtereenvolgens aangebring. Ware opvoeding kan hiermee nooit genoeë neem nie, want dit wil hierdie moderne kultuurskepping inweef in die opvoeding van die hele kind, dit wil van hom nie 'n tegnikus, ambagsman of skeikundige maak nie maar wel 'n mens waarin hierdie waardes van die natuurwetenskap en tegniek ingeweef is in sy kultuur, in sy godsdiens, in sy lewenspraktyk en -beroep. So 'n proses is egter 'n langdurige, wat sy resultate nie volgens voorskrif kan lewer nie en bevredig daarom nie die eise van die oomblik nie. So word die opvoeding op die kruispaaie gebring.
Dr. B. C. Schutte: *Koers,* Dl. XXVI/Nr. 3, Sept. 1958, bl. 87.

*Stuiptrekkinge van die psigologiese roman:*

Onze romanciers vergeten voornamelijk dat het hun taak niet is een synthese van de mens te geven, maar van het hele leven. Zij vergeten dat de mens een natuurlijke eenheid vormt met zijn omgeving, dat deze hem op vaak diepgaande wijze beïnvloedt. De omgeving waarin de mens evolueert is meer dan een back-ground, een schouwburgdecor — de natuur, de dingen en verschijnselen in het dagelijks leven maken deel uit van die grote motorische orde waarin ook de mens zich beweegt. Deze eenheid is onverbeterlijk en de psychologen hebben de mens hieruit alleen afgezonderd (voor zover zij dit nodig geacht hebben) om zich te kunnen concentreren op zijn gedragingen. Maar oorzakelijk en wérkelijk is de mens niet weg te denken uit de wereld die hem laaft en voedt, hem van lucht en licht voorziet, hem optilt en neerdrukt en die zijn stemmingen bepaalt. En het is de taak van de romancier, veleer dan van de wetenschappelijke onderzoeker, de verbanden te zien en aan te voelen tussen de verschillende levensverschijnselen.

Ward Ruyslinck, *Nieuw Vlaams Tijdschrift,*
12/2, 6758, bl. 217.

BAREND J. TOERIEN:

# Herfs Lullaby

*Herfs herhalende Herfs*
*is heerser weer op straat*
*'n geel hand op my skouer*
*gefladder van die eik*
*laat my verward en sagter praat.*

*Oú, oú simboliek*
*ek wil dit graag vergeet.*
*Maar elke herfs is wreder*
*dagbreek is hartbreek —*
*Iets gryp my hartspier beet.*

*'n Goue goue by*
*(van naby hareloos)*
*dwaal oor die laat krisante.*
*Neem aan neem aan Herfs heers*
*sinvol en sinneloos.*

# Aan mnr. Otto Frank van het Achterhuis

*Wie wat liefhet kan die sweep van seermaak*
*roekeloos oor ander swaai, oor vreemdes,*
*hul laat kruip en laag laat koes in hoeke*
*en klein laat voel tot-in-die-sluk verneder,*
*wie en wie kan dit verdedig? Tog is*
*hul mens soos jy, soos ander, het hul klein*
*bekommernisse, dag-kwellinge en benoudheid snags;*
*bepaald het vrou en kind. En dus het lief —*
*Dìt is wat teister, dié vreeslikheid: het liefde*
*dan geen nut, geen reinigende brand?*
*Is liefde, lewe, skoonheid, dus verniet?*
*O kwesbaarheid van vaderskap, sodat*
*toe die verskriklike hamer-houe dreun oplaas*
*en hul inbars jy dink, „Kan hulle vaders wees?"*

# A Question

(J. M. SYNGE)

*As ek sou sterf, het ek gevra, sou jy*
*met my begrafnis in die lykstoet ry*
*en naby staan terwyl hul bid en praat*
*as hul my in die steil kleibank neerlaat?*

*En, Nee, het jy geantwoord, as om my kis*
*'n swerm swape nader dring, gewis,*
*hul lewendig, ek dood — as dit gebeur*
*sal jy hul rasend met jou tande skeur.*

# Die Kindermeid Sing

*Soos hy kom, soos die wind*
*kom en gaan, soos hy gaan*
*weg, weg — so min gee ek om*
*vir jou, duusmanskind.*

*Hul dink ek is stil en miskien*
*is ek dit, is ek stil*
*soos my ma voor die pakkamer*
*wag, so stil sal ek sit.*

*Maar my kind, my klonkie*
*wat toulei, my jong*
*kêreltjie, wat kan ek hom gee*
*'n plaas, troppe vee?*

*Wat kan ek hom gee as hy vra,*
*voor hul hom buig en hy leer*
*sy eer te sluk, en die clown*
*te speel soos sy pa?*

# Terugkoms

## *'N AFRIKAANSE LUGHAWE*

*Die nag vibreer van sterre en die sagte*
*insekte se vlerkefladdering,*
*en die bloekom sing die nag lank, vul*
*die grotte van die donker met gesang;*
*en oor my sprei die sterre ope, hang*
*al die bekende beelde hemel-vol.*
*En die geur van Afrika se grond! Herinnering*
*hoe gooi jy deure oop in my gedagte!*
*Dan van vér kom daar 'n donker lied,*
*'n sang wat sleep en klop, tamboergeluid*
*van die lokasie aangewaai, soms swaar, droewig,*
*dan hard, maar altyd rou en rou gevoel:*
*ek weet meteens weer dat die nag krioel*
*van duisende swart gesigte agter die kring van lig.*

# Oor die Dood

*Die dood — Sal ek 'n vers skryf oor die dood*
*en woorde woorde woorde aaneen ryg?*
*'n Mens praat maklik oor die dood, met skryf*
*probeer dit uitlê, mooi maak, minder groot.*

*Die eensaamheid daarvan! O eensaam boot,*
*my lewe wat alleen na kouer koue dryf!*
*O bitterheid van paring — wat is die hyg*
*maar dit wat enkelheid wond-rou ontbloot.*

*Werk-toe ry ek verby grafplase met*
*die hopies klei-grond eindeloos soos golwe.*
*Maar hul dolwe dolwe nog gedurig, bly aan dolwe*
*elke dag meer gate, maak die wurms vet;*
*hoe kan die landskap lag, ooit heel word met die rowe*
*van so baie graftes ope in kerkhowe!*

JAC. J. BRITS:

# Gebed vir 'n Grysaard

*Sy dae, Heer, het weinig lig behou,*
*Soos wanneer son en kim die skadus kus*
*En see en land gebuk gaan in die rou*
*Van swart vergetelheid. Só is sy rus.*
*Laat, God, U lig, sy bleek gedagtes nou*
*'n Nuwe aanskyn gee. Laat die gemis*
*van droom en daad 'n ryker loon behaal . . .*
*En Heer, berei U self sy laaste maal.*

# Soeker

*U het my drome uitgewan, O Heer,*
*Lank voor die middaguur,*
*En my met leë hande heengestuur . . .*

*Die koring was nog groen, O God.*
*Hul moes nog ryp tot daad!*
*Hoe kon U meet met U volmaakte maat?*

*O droom, jy wat die ydelheid is!*
*Jou weg wat eensaam heet!*
*Hoe dikwels wou ek in jou lig die dieper waarheid weet?*

P. W. BUYS:

# Kankerpasiënt

*Die vrou in haar is lankal, lánkal dood;*
*haar liggaam het verskrompel tot 'n fyn*
*skelet; haar oë is twee kuile pyn,*
*hul donker kaste hol en diep en groot.*

*Haar huid, nou soos 'n geelbruin perkament*
*— hoe blank en fyn en byna transparant*
*vóórheen haar hals, die aartjies op haar hand! —*
*is los om die geraamte heengewend.*

*Die haredos wat sy soms urelank*
*kon borsel en laat glans het in die son,*
*lê nou soos wintergras oor haar japon.*
*Haar stem is eindloos moeg en sonder klank.*

*Die vrees wat naamloos uit haar oë skyn,*
*verraai iets van die dood se hinderlaag*
*waarin sy lê — 'n wildsbok opgejaag*
*deur wildehonde van die wreedste pyn.*

*Dit knaag in haar, dit knaag en knaag; haar skraal*
*diëet van roosterbrood en tee word tans*
*met druiwesap versterk; daar is glo kans*
*dat dié sal help vir hierdie vreemde kwaal*

*van haar. Hoe moet sy dié versekering rym*
*met wat haar daagliks toespreek, lewensgroot,*
*vanuit die oë van haar eggenoot:*
*die stille vonnis van die doodsgeheim?*

P. D. SWART:

# Tant Miemie se Besluit

Hierdie storie vertel van Oom Sagrys wat sy beeste lief gehad het . . . . . . . . . .

Die Afrikanerbulletjie staan op sy agterpote. Die skerp kloutjies van die voorbene klief deur die lug, die ore staan regop langs die stomp horinkies verby, die stert steek reguit weg van die glimmende rooi lyf af, die oë draai sodat byna net wit sigbaar is en die skuim drup uit die oop bek en langs die lang tong af. Hees-benoud bulk hy. Die harige arm hou die halter egter stewig vas en die kalf spook totdat hy nors gaan lê en weier om op te staan. As Oom Sagrys hom liefderik oor sy skof streel, ruk hy sy nek skielik om asof hy die arm wil deurboor met die stompie horinkie, maar hy is nog te pootuit om orent te kom.

„Jy's 'n juweel," prewel Oom Sagrys, „'n rooi juweel. 'n Robyn, dis wat jy is. Mooier kan g'n bees wees nie."

Oom Sagrys het sy beeste hartstogtelik lief gehad. Onder sy hande het die vurigste rooi Afrikaners mak geword. 'n Finale toets vir die jong bulletjies en versies was dat hulle die woonhuis binnegelei word. Vanaf die voorste stoep gaan dit deur die eetkamer met die gang af na die hoofslaapkamer, terug na die gang en uiteindelik die huis uit.

Op 'n skielike ingewing van Oom Sagrys moes sy pronkbul, „Goudini Makman II", ook die toets deurmaak. As 'n jong bulletjie is hy nie deur die woonhuis geneem nie omdat so 'n idee destyds nog nie by sy baas opgekom het nie. Al die plaasvolk binne bereik het vol belangstelling vergader om te sien of die kolossale, norse dier hom dit sou laat welgeval. Hy het sy baas egter sonder die minste sweem van weerbarstigheid gevolg. Deur die gang moes hy sy massiewe kop heeltemal skeef hou sodat die skerp horing teen die glansende rooi skof gedruk het. Die groot pens het aan weerskante net-net die plakpapier gemis. In die slaapkamer kon hy nie draai nie en Oom Sagrys moes hom laat retireer tot in die gang en vandaar na buite lei.

Die groepie Batswanas het hulle goedkeuring luidrugtig te kenne gegee toe baas en bul ewe kalm uitgestap kom. Net ou aia Mamelo het, soos haar gewoonte was, binnesmonds gebrom. „As hy mes by die huis ek maak wragtig nie skoon nie."

Maar Paul, die Motswana met die sterk Boesmantrekke op

sy gesig, het sy taai voetsole plesierig laat klap en uitgeroep: „Twee Afrikanerbulle! Twee! 'n Witte en 'n rooie!"

*

Maar hierdie storie vertel ook van Tant Miemie.

Tant Miemie was 'n klein vroutjie, ingetoë van geaardheid, 'n goeie mens. Sy het uit haar pad gegaan om stryery of onaangenaamhede te vermy. Haar medemens was goed in haar oë en sy het maklik die antwoord gegee wat van haar verwag word, hetsy of dit „ja" of „nee" was. Op die wyse het die lewe vir haar glad en met min hindernisse verloop. Indien sy 'n besluit geneem het was dit onmiddellik in die hand van God, dit was Sy wil en in die wete het sy haarself byna van verdere verantwoordelikheid onthef gevoel.

Toe sy 'n jong nooi was, klein van gestalte en nogal mooi, met sagte blou oë, het die groot sterk Sagrys haar om haar hand gevra. Kalm en ongestoord het sy haar toestemming gegee, byna asof sy bloot bang was dat dit hom nie sou plesier as sy weier nie.

Sy moes haar baie dinge laat welgeval. Daar was die ewige misreuk, die droërige misreuk aan sy klere en die nat misreuk aan die skoene. Daar was die groot aantal portrette van sy stamboekbulle, -koeie en -verse wat die mure van die sitkamer bedek het en die plek van die gewone familieportrette ingeneem het. Aan die misreuk het sy spoedig gewoond geraak. Die vergroting van haar ouers het sy afgehaal waar dit bokant die kaggel gehang het met Goudini Makman II aan die een en Goudini Mooimeisie III aan die ander kant. In die slaapkamer langs die Bybelteks in die wit ovaal raam het sy 'n nuwe plek daarvoor gevind.

Die aanhoudende gesels oor sy beeste het sy haar ook laat welgeval. Om die waarheid te sê het sy geleer om ewe onbeskaamd voor te gee dat sy luister, terwyl haar gedagtes baie ver daarvandaan was.

Hulle kinderloosheid het Oom Sagrys miskien nog liewer vir sy beeste laat word. Vroeër het hy hom erg bekommer oor wat van die diere sou word sonder 'n seun aan wie hy hulle kon nalaat, maar uiteindelik het hy besluit om byna selfsugtig sy oog slegs op die teenwoordige te hou. Sy beeste het dus al meer aandag en liefde gekry.

Dit was ou Sesoepa se dood wat Oom Sagrys die idee laat kry het. Toe die ou skepsel begrawe word, was Oom Sagrys ook teenwoordig. Dit was by hom gebruik om die begrafnisse van sy plaasvolk by te woon en daar altyd 'n

paar woorde kwyt te raak. Hiervoor het sy naturelle hom met dankbaarheid en agting bejeën.

Ou Sesoepa is in die middel van sy skaapkraal begrawe, onder die verdroogde ou sekelbos. En toe Oom Sagrys vol aandoening kyk hoe die ou liggaam in die nuwe kis, deur die volk self aanmekaargetimmer, die rooi gat insak, dink hy skielik daaraan hoe die graf spoedig toe sal wees en bo gelyk gemaak sal word. Môre sal die skerp skaapkloutjies weer daaroor loop en die halfronde, halflangwerpige missies daarop lê. Die ooie sal daarop lê saam met hulle lammertjies, in 'n digte groepie as dit koud is, die ou ram met sy kromneus en krulhorings tussen hulle. Ou Sesoepa gaan sommer baie naby sy skapies wees, baie naby . . . En toe het die idee Oom Sagrys binnegeskiet.

Toe hy 'n paar dae later by Makman II in die kraal staan, het dit weer gekom, daardie pyn in sy linkerarm wat rooiwarm tot in sy duim geklop het, en die kwaai brand in sy bors. Hy het geweet wat dit beteken, want sy oorlede vader het dieselfde simptome ondervind voordat hy aan hartverlamming beswyk het. Geen dokter kan 'n man werklik help nie. Hulle vertel jou maar net om die lewe gemaklik op te neem, nie opgewonde of kwaad te word nie. Dit was alles slegs 'n kwessie van tyd . . . .

Die son is reeds onder en duidelik staan twee voorwerpe teen die ligroos van die weste afgeteken. Die een is 'n reusagtige kameelboom, die ander die windpomp.

Toe hy 'n seuntjie was het hy daardie boom moes invaar met 'n Afrikanerkoei wat so pas haar eerste kalf gekry het, se asem warm op sy sitvlak. Hy het lank met sy boudjies op die skurwe bas gesit voordat sy vader hom kom verlos het.

En by daardie windpomp waar 'n mens op warm dae die blink stroom water sommer oor jou gesig en jou kop laat loop het en dan eers gedrink het, het sy vader daardie klein kalfie vir hom gegee. Makman is uit haar geslag.

Oom Sagrys se vingers vroetel in Makman se oor. Sy baard roer soos sy onderlip tril. Hy byt op sy tande en by die brand in sy bors voel hy 'n kwaai brand in sy oë . . . . . Die windpomp word iets swart en vormloos.

„Vrou," het Oom Sagrys dié aand aan tafel gesê, „as ek doodgaan moet jy my in die beeskraal begrawe."

Tant Miemie se hand was op pad na die suikerpot. Met die suikerlepeltjie daarin het dit net daar vasgesteek, 'n paar duim bokant die wit tafeldoek. Die rimpels het haar voorkop diep gekeep en haar lippe het al verder van mekaar

getrek totdat haar mond wyd oopgehang het. Sy wou iets sê maar kon om die dood nie 'n geluid maak nie. Sy sluk-sluk skielik, die lepeltjie val uit haar hand en rinkel in 'n leë piering. Toe is dit asof sy haar stem terugkry.

„Maar hoe . . . hoe dan? Kraal? Hoekom?" kry sy stotterend uit.

Dis nie 'n gewoonte by Oom Sagrys om aan sy vrou rekenskap te gee nie. Daarom sê hy eers:

„Sommer, ek wil dit so hê." Dan bedink hy homself egter en brom lomp: „Die beeste. Hulle moet naby my wees. Oor my loop."

Tant Miemie kon nog nie eintlik haar gedagtes mooi beetvat nie. Dan kry sy effens koers:

„Maar die kerkhoffie, ou man? Jou pa en ma is tog daar begrawe. Hoe dan nou die kraal en so tussen die koeie en goed?"

Oom Sagrys is nie gewoond dat sy vrou ooit met hom stry of dat sy teëpraat nie. Hy word skielik baie doof, skuif sy stoel agteruit en stap tydsaam buitekant toe.

Daardie nag slaap Tant Miemie maar min. Wat sou hom tog besiel? In die beeskraal met 'n klomp mis oor hom!! Beeste wat op sy graf mis en water? Geen grafsteen nie, want wie kan nou in die middel van 'n beeskraal 'n grafsteen laat opsit? Dis tog immers duidelik dat hy nie die graf wil laat toespan nie. Nee, so-iets is voorwaar ongehoord. Ag, vader en hoe nou ook van die blomme? 'n Mens kom sit tog blomme op jou man se graf.

'n Vrou word tog langs haar man begrawe en as Sagrys nou eerste tot sterwe kom en hy word in die beeskraal begrawe? Alleen sou sy dan in die kerkhoffie by haar skoonouers moet lê? Eienaardig genoeg verskyn haar skoonvader se norse gesig voor haar. Sy was juis altyd so bang vir hom. Almal weet ook hoe sleg hy sy vrou behandel het.

Tant Miemie se klein liggaam is die ene senuwees. Haar linkerbeen lê eintlik en ruk. Duidelik sien sy hoe die begrafnisstoet by die beeskraal se hek ingestap kom, ou Ds. Visagie en die koster Gert de Beer vooraan. Hulle stap vies-vies en versigtig, voetjie vir voetjie tussen die nat miskoeke deur en die los, droë mis stuif op onder hulle voete en huiwer om hulle swart broeke. Sy sien hoe die mense hulle koppe om die graf skud en spytige geluidjies maak. Hulle meen dat haar man definitief „snaaks" was. Sy wip soos sy skrik toe 'n melkkoei 'n dringend-klaende bulk op die werf uitstoot.

Dood? Waarom sou haar man nou juis van dood en begrafnis praat? As jy na hom luister sou jy sweer daar is nie die minste twyfel dat hy voor haar sou sterf nie. So doodnatuurlik het hy daarmee uitgekom . . . En tog, hoe min weet ons . . . Sy kan net sowel jare voor hom sterf. Dit is asof sy skielik 'n uitweg sien. „Ag Here," bid sy fluisterend, „laat my tog voor hom doodgaan."

In die daaropvolgende dae bly die hele besigheid soos 'n groot gewig op Tant Miemie lê. Sonder ophou tas haar brein na 'n oplossing, maar tevergeefs. Al die jare het sy alles uitgevoer wat haar man haar gevra het en dit is vir haar vreemd, verontrustend en ontstellend omdat sy dit nou nie kan doen nie. Die gedagte om direk na hom toe te gaan en te sê dat sy weier om sy versoek uit te voer, het nie eers by haar opgekom nie.

Haar gedagtes haal eienaardige toertjies uit. Kan sy hom nie miskien in die kraal laat begrawe en dan onmiddellik 'n ander kraal laat maak nie? Net aan die mense sê dat hy op daardie besondere plekkie begrawe wou wees en dan die verskuiwing van die kraal doodnatuurlik laat voorkom nie? Nee, dit sou nie volgens sy versoek wees nie. Dan kon sy hom maar netsowel iewers anders begrawe.

Kon sy met iemand praat? Die predikant? Nee, dit kon sy nie. Eerstens sou Ds. Visagie dit dan weer met Oom Sagrys gaan bespreek. Dan was die duiwel los, want vir Ds. Visagie het Oom Sagrys geen tyd gehad nie! En hulle was altwee sulke hardekoppe. Tweedens sou sy dan onder sy toorn moes deurloop omdat sy dit met die predikant bespreek het! Sy voel skielik hoe eensaam sy is en al die jare was.

Haar gedagtes word met die kwaai senuspanning soms erg fantasties. Sê nou 'n mens kon die lyk stilletjies in die beeskraal begrawe en iets swaars in die kis sit en dit in die kerkhof begrawe? Sy besef egter die onmoontlikheid daarvan en ruk soos sy skrik vir haar eie gedagtes. Is sy besig om mal te word? Hoe aaklig en sondig was haar gedagtes nie! God sal haar straf. So sleg voel sy dat sy bitterlik aan die huil gaan. Maar as sy ophou sien sy nog geen uitkoms nie . . .

Sy is pynlik bewus van die groot verandering wat plaasgevind het. Voorheen sou sy God gevra het om haar eerste weg te neem, en dan sou sy gevoel het hoe die gewig van haar afgeneem is. Dit sou dan in die Here se hande gewees het en sy sou doodgerus gevoel het! Maar nou? Nou bid sy ook, maar sy voel nie of sy tot rus kan kom nie! Daarom

vra sy God dit weer en weer. Die hele ontwrigting van die ou ingewortelde patroon wil vir haar te veel word.

Haar sorgsaamheid in die huis begin ly onder hierdie nuwe gemoedstoestand. Sy het min lus vir die take wat sy voorheen met soveel vanselfsprekende vlyt vervul het. Soms wil sy iets in die slaapkamer gaan doen en dan besef sy skielik dat sy in die spens is met rye bottels vol ingelegde vrugte voor haar. Ander kere moet sy iets doen, maar sy kom eenvoudig nie sover nie en bly maar sit.

Van die voorste stoep af sien sy die melkkalwers in 'n bulkende ry verbydraf. Agter hulle is die dipbak en die kraal. Die kraal! Daar lê dit soos 'n haatlike groen-vaal vlek voor haar oë. Sy sien die pale, die doringdraad, die blinkblaar-wag-'n-bietjie en die miershoop in die een hoek, die soutkrippe. Haar asem kom swaar. Die mis, die beeste, die kraal, die kraal, die kraal. Byna asof dit pyn veroorsaak, sluit sy haar oë, maar as sy hulle oopmaak is die kraal nog daar.

Een middag was Oom Sagrys en sy naturelle besig om beeste te dip en te brand. Tant Miemie het in 'n ou armstoel voor die oop kamervenster gesit met 'n klompie kouse op haar skoot. Sy het die vorige nag weinig geslaap en vir die eerste keer in haar lewe raak sy in 'n stoel aan die slaap.

Sy droom dat haar man dood is en dat hulle besig is om hom in die begraafplasie te begrawe. Sy sien alles so duidelik, die draers, die predikant, die mense rondom, die kis. Snaaks genoeg droom sy dat ou Ds. Visagie die hele tyd glimlag. Maar dan skielik is haar man ook daar. Hy beduie aan die draers dat hulle 'n fout gemaak het en een van hulle gaan staan langs die oop graf, strek sy hande uit en sê 'n paar woorde. Langsaam styg die kis uit die graf op en die draers steek hulle hande deur die geel handvatsels. Hulle volg haar man wat 'n endjie verder vir hulle staan en wink. En dan is hulle in die beeskraal langs 'n oop graf. Daar is 'n swaar misreuk en sy haal moeilik asem. Die graf is vlak, omtrent maar 'n twee voet diep. Die kis word daarin gesit en haar man maak die deksel oop en wil inklim. Dan staan Makman by die graf en mis opskop met sy voorpote. Hy kyk na haar en sy oë is bloedrooi. Sy kop sak, hy blaas woedend . . . . . . . .

Met 'n ruk skrik Tant Miemie wakker. Sy is papnat van die sweet en haar nek wat skeef gelê het kan sy nouliks roer. Die wind waai sterk van die kraal se kant af en die kwaai misreuk is nog daar.

Omstreeks twaalfuur daardie nag het die groot kalmte oor

Tant Miemie gekom. Alles was opeens vir haar glashelder. Sterf Oom Sagrys voor haar en sy begrawe hom in die kerkhoffie, sou sy geen rus ken nie, omdat sy nie sy begeerte uitgevoer het nie. Daar sou sy wees, stoksielalleen met die ding op haar gewete. Eensaam sou sy wees in die dag met rooi Afrikanerbeeste en die vervloekte kraal om haar daaraan te herinner dat haar man lê waar hy nie wou wees nie. Eensamer nog sou sy in die nag wees, in die groot huis met haar gedagtes, met haar gewete, met haar vrees . . . . . . . . Begrawe sy hom in die kraal, sou haar siel ook geen rus ken nie. Sy sou voel sy het haarself verloën. Eensaam sou sy wees met die rooi Afrikanerbeeste en die graf in die kraal om haar te herinner dat sy moes swig. Eensamer nog in die nag? . . . . . . . Sou dit help om hom te begrawe waar hy wou wees en dan die plaas te verkoop en weg te gaan om te vergeet? Waarheen? Familie? Van haar familie was daar niemand oor nie. 'n Ander plaas? Op eie houtjie op 'n nuwe plaas te begin, eensaam en alleen? Nee. Sou sy in elk geval daar kon vergeet van haar man se graf in die kraal?

Dit was vir haar duidelik dat sy geheel en al eensaam en verlate gaan wees, watter weg sy ook volg. Indien haar man voor haar sterf, sou dit tog maar die einde van alles wees, dink sy.

„Here," bid sy, „maak dit tog onnodig. Laat my eerste sterf asseblief!"

Maar nou is sy nie verontrus nie. Tant Miemie het klaar besluit. Sy voel verlig.

*

Paul, die geel jong, het die eerste op Oom Sagrys afgekom. Hy het langs die krip op sy gesig gelê terwyl Makman II ewe ongestoord uit die krip gestaan en vreet het. Dit was duidelik dat hy reeds dood was.

Tant Miemie het na die bure gestuur om hulp en om die geneesheer te skakel.

Buite was dit doodstil. Die naturelle het in 'n gedempte groepie by die kombuisdeur gestaan, verbysterd en geskok.

Toe het tant Miemie 'n lap natgemaak. Sy het oor Oom Sagrys gebuk waar hy op die bed gelê het en die mis van sy gesig afgevee. Toe haar neus die misreuk kry het haar bene dodelik lam geword. Sy het 'n gesuis in haar ore gevoel en 'n geklop in haar slape. Sy het styf op haar onderlip vasgebyt. Sy het dit reggekry om die gesig af te droog. Vinnig druk sy 'n soen op die lippe. Dan trek sy haar klein liggaampie regop en stap spens toe.

„Heer vergewe," prewel sy oor droë lippe as sy die botteltjie wolwegif van die rak afhaal.

ABRAHAM FOUCHÉ:

# Gebed aan Eideb

*Vader van my vader*
*se vader, Eideb:*
*Laat my met dié hand,*
*dié pyl, dié boog,*
*vandag 'n buffelbul*
*plattrek!*

*Laat die aasvoëls, die*
*spioene van die Blouland, my sê*
*waar 'n gevrekte dier*
*in die Kamanjab lê!*

*Laat die aasvoëls hoog*
*in die Blouland maal*
*so dat die Boesman eers*
*die karkas kan haal!*

*Laat 'n miershoop soos*
*'n berg, in hierdie oog,*
*opspring:*
*ek sal jou die murg*
*in sy bene bring!*

*Kom, wys my waar stippel die bye*
*oor 'n nghababos*
*en ek bring jou die soetste*
*van alle kos!*

*Laat my met hierdie neus*
*die wildeuie raakvat*
*in die wind*
*en . . . dankie,*
*my vader,*
*sê Karkab jou kind!*

# Boesmangebed vir Reën

*Khoeb! Khoeb! Luister: jy,*
*jy wat in die bloed*
*van die sononder bly:*
*Laat reën tot die tsammas*
*in die veld opspring!*
*Ons sal môre vir jou sing*
*soos die Namib brom;*
*ons sal dans soos die*
*wildebees, nek gekrom!*
*Ons sal koerkoere en aghortjies*
*vir jou bring*
*as ons kry!*
*Vir jou, Khoeb! Jy,*
*wat in die sononder bly!*
*Khoeb! Khoeb! . . . . .*
*. . . . . . . . . . . . . . . .*
*hoor jy?*

# Die Trane van 'n Moedermens

*Van oor die water het die moedermens gekom,*
*sy het 'n baba aan haar bors gehou,*
*haar hare het soos lang ryp gras gegolf,*
*haar oë was gemaak van hemelsblou!*

*Toe sterf die baba, en die hemelgod*
*het snags vir hom 'n vuurtjie aangesteek:*
*Nog kon die moedermens haar kind hoor huil,*
*wit het die trane uit haar hart gebreek:*

*Dít is die sout in die Etosjapan,*
*o nêrens is daar nog 'n sout so wit!*
*Dis hierheen waar die Heikomboesmans in*
*die mooiste maanlignagte kom en bid!*

*„Dop groen die peul, en dood gaan peul en pit"*
*Só sê die Heikom en só sê die hemelvolk . . .*
*Die hemelgod het haar haar baba teruggestuur,*
*omswagtel in 'n huppelende wolk . . .*

*Toe blink die blydskap in haar trane, groot*
*soos sterre in die winternagte brand:*
*Dít is die diamante wat daar wyd*
*en syd gestort lê op die Namibsand!*

F. G. E. NILANT:

# Moderne Dekoratiewe Erdewerk in Suid-Afrika

Vyftien jaar gelede was daar nog maar baie min erdewerk in ons land gemaak. Vandag is daar meer as dertig fabrieke en ateljees waar daar erdewerk vervaardig word en indien hierdie ontwikkeling voortduur sal dit nie langer nodig wees om nog baie van oorsee in te voer nie. Suid-Afrika sal in sy eie behoefte kan voorsien en selfs van sy erdewerk kan uitvoer.

Nie al hierdie fabrieke maak natuurlik dekoratiewe erdewerk nie, maar minstens die helfte bestee tog gedeeltelik of uitsluitend hulle aandag daaraan. Behalwe die fabrieke en groter ateljees is daar 'n hele aantal kleiner ateljees in Suid-Afrika. Vir baie is pottebakkery 'n stokperdjie en met behulp van 'n klein oondjie word soms interessante resultate bereik. Ons kan ons hier egter net bepaal tot daardie ateljees waarvan die eienaars voltyds met pottebakkery besig is en selfs dan sal ons met 'n klein aantal tipiese voorbeelde moet volstaan. Onder dekoratiewe erdewerk verstaan ons ornamentele voorwerpe, maar ook die beter gehalte gebruiksvoorwerp in die huis.

Erdewerk het reeds vroeg in ons land se geskiedenis ter sprake gekom. Toe daar in die dae van die Oos-Indiese Kompanjie oorlog in die ooste gewoed het, was dit vir die koopliede dikwels moeilik om Sjinese porselein, een van hulle belangrikste handelsware, in die hande te kry. Daar was dan wel gepoog om erdewerk vanaf ander plekke te verkry. Moontlik was daar ook planne om aan die Kaap 'n erdewerkfabriek op te rig. In 1661 het Jan van Riebeeck, moontlik met die oog hierop, monsters wit klei uit die Kaap na Amsterdam gestuur. Maar verder hoor ons niks meer hieroor nie. Miskien het die beroemde erdewerkfabrieke van Delft, wat in daardie tyd baie welvarend was, invloed by die Here XVII, die bewindhebbers van die Kompanjie, gebruik om die vestiging van 'n mededinger aan die Kaap te belet. Selfs die feit dat Wagenaar, wat in die ooste 'n groot rol in die porseleinhandel gespeel het, later as goewerneur van die Kaap aangestel is, het ook blykbaar geen invloed gehad nie.

In tye van voorspoed het die Kaapse bevolking groot en ruim huise gebou. Hoewel daar geen erdewerk aan die

Kaap self gemaak was nie, was hierdie huise gevul met kosbare meubels en vaatwerk. Al hierdie erdewerk was egter ingevoer: uit Delft, Lowestoft, Sjina; nie net borde, blompotte en teëls nie, maar ook waskomme, vase en siervoorwerpe is in die ou Kaaps-Hollandse huis aangetref. Menige stuk erdewerk is spesiaal uit Sjina bestel en het as „Chine de Command" sy pad na die Kaap gevind.

Die eerste pottebakker aan die Kaap waarvan ons hoor, is James Hancock, wat saam met die Britse setlaars in 1820 na Suid-Afrika gekom het en hom in Grahamstad gevestig het.* Hy het nie net die erdewerk gebak nie, maar dit ook met die hand beskilder. Uit 'n ou aantekenboek blyk dat Hancock sowel gebruiksvoorwerpe as teëls gemaak het, maar ongelukkig is daar nog geen bepaalde voorbeelde van sy werk bekend nie.

Gedurende die 19e eeu het die meeste industriële produkte wat Suid-Afrika nodig gehad het, uit Engeland gekom, ook erdewerk. Hoewel die welgesteldes nog wel onafhanklik oorsee hulle eie keuse kon maak, het die bevolking verder heeltemal afhanklik gebly van wat die handel bereid was om in te voer. Massale invoer van standaard-ontwerpe het plaasgevind en menige koppie en piering of melkbekertjie met 'n klein gebrekkie het nog wel 'n dankbare koper êrens op die platteland van Suid-Afrika gevind. Gedurende die eerste kwart van die 20ste eeu het daar geen verandering in hierdie toestand gekom nie. Vir die oorsese fabrieke was dit gerieflik om hulle tot 'n beperkte hoeveelheid ontwerpe te bepaal en die bevolking in Suid-Afrika het nog geen behoefte aan beter erdewerk getoon nie. 'n Teemaatskappy het vir advertensiedoeleindes aan sy kopers koppies en pierings beskikbaar gestel wat met helder ligrooskleurige rose versier was en in meer as een huis is hierdie smaaklose produk baie bewonder en soms as 'n kosbare besit bejeën.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar egter 'n groot verandering plaasgevind. Suid-Afrikaanse nywerhede het vinnig ontstaan en gegroei en die fabrikasie van erdewerk het nie agtergebly nie. Vandag is daar sowat drie dosyn fabrieke in ons land waar erdewerk vervaardig word. Party is natuurlik net op nywerheidsproduksie toegespits, maar 'n hele aantal bestee ook aandag aan dekoratiewe erdewerk en gebruiksvoorwerpe. Ook by die publiek het die belangstelling vir Suid-Afrikaanse erdewerk plotseling geweldig toegeneem.

* Sien die artikel deur P. R. Kirby oor hom in „Africana Aantekeninge en Nuus", dl. 13, no. 1, waaruit die volgende gegewens verkry is.



**LINN-erdewerk: Bord met tafereel in naturellestat.**
Foto: Lantern



**LINN-erdewerk: Bord met Kaaps-Hollandse woning.**
Foto: Lantern



**ALWYN-erdewerk: Pot met deksel, rooibruin en grys.**
Foto: Lantern



**ZAALBERG-erdewerk: Hors d'ouevre-stel op hout skinkbord.**
Foto: Lantern

In ons land met sy groot afstande is dit makliker om klei te vervoer as breekbare erdewerk. Gevolglik sien ons dat die meeste fabrieke en ateljees grotendeels in of naby die digbevolkte gebiede van die Unie gevestig is, terwyl die klei dan dikwels honderde myle ver aangevoer moet word. Slegs 'n enkele het hom by die keuse van 'n fabrieksoord deur die kleineerslae laat lei. Die meeste bevind hulle gevolglik in Transvaal, maar ook in die Kaap word erdewerk gemaak.

Behalwe een groot fabriek wat die gewone hotel-erdewerk maak, is daar in Kaapstad twee belangrike ateljees.**

Die Kalahari-ateljee is deur twee kunstenaars uit Letland in 1950 begin. Die een, A. Klopcanos, het skilderkuns, sowel van figure as muurskilderinge, portretkuns en beeldhoukuns aan die Akademie vir Skone Kunste in Riga bestudeer. Later het hy sy studies aan die Koninklike Akademie in Stockholm, Swede, voltooi. Onlangs het hy veral met die oogmerk om sy kennis van keramiek uit te brei 'n studiereis deur Finland, Swede, Denemarke, België, Holland, Frankryk, Italië, Engeland en die Verenigde State onderneem.

Die ander kunstenaar is Elma Vestmanis, wat ook keramiek aan die Akademie vir Skone Kunste in Riga bestudeer het en wat later in die ateljee van Gustaf Berg onder die groot Sweedse keramiek-kunstenaar, professor Käge in Stockholm en Ekkeby in Uppsala gewerk het.

Daar word baie kunstige ontwerpe in hierdie ateljees gemaak waarby nie net 'n bepaalde aantal kleure aangewend is nie. Enige kleur, ook die oorspronklike kleur van die gebakte klei, word gebruik om 'n aantreklike resultaat te bereik. Die vorms is baie vooruitstrewend en het dikwels uit tipiese Suid-Afrikaanse voorwerpe gegroei. Ons vind rooibruin Boesmanfigure teen 'n sagte grys agtergrond of 'n blomvasie in die vorm van 'n kalbassie. Alles word met die hand gemaak en versier. Dis heeltemal begryplik dat hierdie erdewerk op plaaslike, Engelse en Amerikaanse tentoonstellings verskillende ereprys behaal het.

Die ander ateljee in Kaapstad behoort aan M. Zaalberg. Hy het die vak van sy vader, wat 'n pottebakkery naby Den Haag, Nederland, gehad het, geleer. Vir vyf jaar het hy aan die Haagse Kunsakademie studeer en hom op beeldhoukuns en ontwerpkuns toegelê. Vervolgens het hy verdere praktiese ervaring in sy vader se werkswinkel opgedoen.

** As 'n ateljee beskou ons hier 'n pottebakkery waar daar nie meer as drie blankes werk nie.

In 1949 het hy na Suid-Afrika gekom en hier het hy eers vir 'n jaar lank die verskillende kleisoorte wat in die land voorkom, bestudeer. 'n Jaar later het hy sy eie ateljee begin.

Zaalberg lê hom veral toe op baie eenvoudige ontwerpe en effe kleure. Soos hy self sê: „Met net 'n baie eenvoudige vorm en 'n glasuur sonder verdere versiering kan mens baie oulike goedjies gemaak." In die tee- en eetserviese, vase en blombakke wat hy maak is hierdie strewe baie duidelik sigbaar. Ook doen hy proefnemings met verskillende maniere van bak, waarby hitte 'n groot rol speel. Dikwels gaan hy by sy draaiwiel sit om te probeer om iets besonders te maak: „iets wat lewe," soos hy dit noem. Klei is vir hom iets romanties, iets wat van die aarde, wat biljoene jare oud is, afkomstig is en wat deur modelleer en verhitting tot 'n ander natuurlike grondstof vervorm kan word.

Ook in die Oostelike Provinsie, in Grahamstad, word daar goeie erdewerk gemaak, en wel op twee plekke. Die grootste een is die Grahamstad-Pottebakkery wat in 1947 opgerig is. Op die oomblik werk daar al 'n stuk of 60 blankes en 150 naturelle. Dit het as 'n ateljee vir keramiek begin wat eksperimente gedoen het en wat vinnig tot 'n hipermoderne fabriek, waar sowel dekoratiewe- as gebruikserdewerk gemaak word, ontwikkel het. Die produkte is bekend as Drosdy-erdewerk.

Die personeel kom sowel van oorsee as uit Suid-Afrika. Die direkteur, Steele Gray, die seun van W. L. A. Gray, 'n man wat sy hele lewe in die Britse teël- en baksteenindustrie gewerk het, het die North Staffortshire Tegniese Kollege in Stoke-on-Trent besoek, waar hy as silwermedalje-snyer opgelei is. Later het hy uitgebreide ervaring van die keramiek-industrie opgedoen deurdat hy bestuurder van verskillende groot fabrieke was.

Die hoof-modelleerder is France Marot, wat in Suid-Afrika gebore is en eers onderwys in handelsvakke gegee het, maar wat haar later in Durban aan die Tegniese Kollege bekwaam het.

Die versierders is die dames H. W. Locke en K. Duncan, wat voorheen by die Departement van Onderwys werksaam was. Verder is daar nog veertien kunstenaars werksaam.

Behalwe die gewone wit hotel-erdewerk en erdewerk wat vir advertensie gebruik word, word daar allerlei soorte handversierde voorwerpe gemaak. Waar dit maar enigsins moontlik is, word daar van tipiese Suid-Afrikaanse voorbeelde gebruik gemaak. Op die oomblik word daar vyftien verskillende kleure gebruik, nl. verskillende kleure blou en

groen, turkoois, geel, heuningbruin, donkerrooi, ligroos, swart en mat wit.

Die Grahamstad-Pottebakkery het ongetwyfeld daarin geslaag om besonder karakteriserende erdewerk te maak, iets wat mens onmiddellik sal herken. Sowel in Suid-Afrika as in Amerika word dit steeds meer bekend en populêr.

Die ander pottebakkery in Grahamstad is die Graham-Kiln. Dis meer 'n ateljee. Die eienaar, J. Hamburger, het oorspronklik uit Duitsland gekom. Hy het sy opleiding aan verskillende tegniese kolleges ontvang, daarna het hy by 'n aantal bekende pottebakkerye gewerk, terwyl hy vir 'n paar jaar 'n eie ateljee naby Berlyn het. In 1938 word hy instrukteur in keramiek aan die Grahamstadse Kunsskool. In dieselfde jaar het hy die Grahamstadse Pottebakkery opgerig, wat hy tien jaar later verkoop het. Nadat sy ouers ook na Suid-Afrika verhuis, het hy 'n nuwe pottebakkery, die Graham-Kiln, begin. Sowel sy vader, wat vir 35 jaar argitek en beeldhouer in Duitsland was, as sy moeder help nou by die modellering en versiering. Die produkte is bekend as „Graham-erdewerk". Elke soort dekoratiewe erdewerk, maar ook teestelle word hier gemaak. Alles word handversier, waarby van baie mooi kleure, soos mat wit, grys, geel, lig- en donkerblou, turkoois, bruin, rooi en heuningkleur gebruik gemaak word. Die voorwerpe word hoofsaaklik in die Unie en Rhodesië verkoop.

Ook in Transvaal, veral in die digte bevolkingsentrums van die Witwatersrand en Pretoria, is daar 'n hele aantal fabrieke en ateljees waar daar erdewerk gemaak word. Die grootste fabriek is die Boksburg-Oos-Pottebakkerye. Die drie oprigters van hierdie fabriek, Lulofs, Hoseck en Krige, het gedurende die afgelope oorlog tot die besef gekom dat „daar baie dinge met Suid-Afrikaanse klei gedoen kan word". Hulle het oor baie min ervaring en nog minder geld beskik, maar hulle was vol ondernemingsgees. Daar was baie moeilikhede wat oorwen moes word. Die fabriek wat ons vandag ken is eintlik in 1946 opgerig, aanvanklik net vir die fabrikasie van muurteëls en elektriese keramiek-onderdele. In 1950 is 'n afsonderlike fabriek opgerig vir sier-erdewerk: die Boksburg-Oos-Pottebakkerye. Die produkte is bekend as „Lucia-erdewerk". Die fabriek het hom van die begin af nooit op unieke kunsvoorwerpe toegelê nie, maar was meer ingerig vir die grootskaalse produksie van betreklik goedkoop gebruiksvoorwerpe, maar ook vase, asbakkies, natuurlike en gestileerde mens- en dierefiguurtjies, muurborde, en selfs die blou-wit erdewerk in navolging van die Delftse voorbeeld, gemaak. Die gebruik van

die draaiwiel is gou laat vaar en daar is uitsluitend toegespits op massaproduksie. Hierby word 'n hele aantal baie aantreklike kleure, o.a. ook goudkleur, gebruik. Die produkte bly nie net in die Unie nie, maar word ook na Rhodesië, Australië en Nu-Zeeland uitgevoer.

Hoewel daar in hierdie bedryf geen moontlikheid vir die maak van afsonderlike kuns-erdewerk is nie, dra die fabriek indirek tog by tot die ontwikkelingsmoontlikhede van Suid-Afrikaanse erdewerk. Versierings van hoër gehalte word almal nog met die hand aangebring. Bowendien moedig die direkteure lede van die publiek aan om ontwerpe voor te lê. Wanneer hulle bruikbaar blyk, word hulle oorgeneem en in die fabriek geproduseer. Ook is daar deskundiges uit Europa wat spesiaal daarvoor verantwoordelik is dat die ontwerpe en kwaliteit van die voorwerpe so hoog as moontlik bly.

Ook in Krugersdorp word erdewerk gemaak, nl. deur die Crescent-Pottebakkery. Hierdie firma het in 1952 die S.A. Artistic Potteries oorgeneem. Die eienaar, Morris Shain, het hom aanvanklik op 'n paar klein dingetjies, soos asbakkies toegelê en eers nadat dit 'n sukses was, is daar meer aandag aan vase bestee. Hierdie vase is van baie goeie gehalte en word handversier. Dit is bekend as „Rose-erdewerk", wat sowel in die Unie as oorsee verkoop word.

Na twee jaar het Albrecht Schliessler modelleerder geword. Hy kom uit 'n gesin waarvan albei ouers bekende kunstenaars was; sy vader was 'n beeldhouer wat egter as pottebakker opgelei is. Dis begryplik dat die vader die seun al vroeg in die allereerste beginsels opgelei het. Vervolgens het Schliessler leerjonge in die majolikafabriek in Mosbach, Duitsland, geword, waar hy die tegniese kant van die pottebakkersvak baie grondig geleer het. Na sy opleiding het hy modelleerder en vormemaker in die Kurpfalz-erdewerkfabriek in Mannheim geword, terwyl hy later bestuurslid en ontwerper vir die erdewerkfabriek in Schriessheim was. 'n Tydlank het hy sy eie ateljee gehad, totdat hy by die Crescent-Pottebakkery begin het.

Schliessler stel besonder belang in erdewerk met moderne vorms. Hy is egter daarvan oortuig dat moderne vorms slegs uit die ou tradisionele vorms, soos die sirkel, driehoek, ovaal, ens. kan ontwikkel. Hy doen proefnemings om te probeer vasstel hoe om dit die beste in erdewerk tot uiting te laat kom.

Die ander ontwerper van die Crescent-Pottebakkery, Albert Brown, het as leerling begin by 'n sg. publieke modelleerder; 'n man wat vorms modelleer vir fabrieke wat

nie self 'n modelleerder het nie. So 'n firme verskaf gewoonlik 'n tekening en Brown het geleer hoe om volgens daardie aanwysings 'n „kleiskets" te maak, meestal met die oog op massaproduksie. Ses jaar lank het hy hierdie werk gedoen, waarby hy 'n deeglike ervaring opgedoen het, terwyl hy bowendien in die aand studeer het. Vervolgens het hy 'n paar jaar as modelleerder gewerk by die Royal Crown Derby Porcelain Coy., wat wêreldberoemd is om sy „Bone"-erdewerk, waarna hy verdere ervaring opdoen by 'n groot Europese erdewerkfabriek met duisende werkers. Brown was eers 'n instrukteur aan die Johannesburgse Tegniese Kollege voordat hy by die Crescent-Pottebakkery aansluit. Hy het groot belangstelling vir sowel die vorm as die kleur van erdewerk en volgens hom maak dit nie veel verskil of dit 'n outydse of 'n moderne ontwerp is nie, solank as wat dit net 'n goeie, deeglike vorm is, sonder onnodige aangeplakte tierlantyntjies.

Isaac Witkin, die versierder, was ook 'n student aan die Johannesburgse Tegniese Kollege, waarna hy by verskillende vooraanstaande Suid-Afrikaanse beeldhouers werk. Hy het besondere aanleg vir die ontwerp van abstrakte vorme en alle abstrakte versierings wat by die Crescent-Pottebakkery gemaak word — en dit sluit omtrent die helfte van hulle produkte in — is deur Witkin aangebring. Kleure speel sowel by die gewone as die moderne werk 'n groot rol, meestal swart, rooi, blou, groen en geel.

In een van Johannesburg se voorstede vind ons die Transvaal Ceramics, waarvan die produkte bekend is as „Felicitas". Die eienaar van hierdie ateljee is dr. K. Möckel, wat o.a. navorsingswerk vir die beroemde Rosenthal porseleinfabriek in Suid-Duitsland gedoen het. Dr. Möckel het in 1953 met hierdie ateljee begin en in teenstelling met baie ander pottebakkerye in Suid-Afrika lê hy hom toe op wit erdewerk, waarby hy gebruik maak van deursigtige glasuur, goud en blomversierings. Maar die produkte kan ook op bestelling in kleure soos blou en bruin verkry word. Die meeste voorwerpe wat in hierdie ateljee gemaak word, word met die hand beskilder; hulle het meer 'n kontinentale as Engelse voorkoms en die gemiddelde Suid-Afrikaner moet eers daaraan gewoon raak voordat hy die volle skoonheid daarvan kan waardeer.

In 1950 het G. H. B. Lovell, van die Universiteit van die Witwatersrand, saam met mev. B. M. Lovell en 'n vriend, J. B. Livesey, 'n klein pottebakkerytjie begin. Lovell, wat verskillende universiteitsgrade en meer as twintig jaar ervaring van keramiek het, het o.a. vyf jaar as hoofskei-

kundige aan die wêreldberoemde Wedgewood-fabrieke in Engeland gewerk. Hy was ook vier jaar lank navorser vir die British Ceramic Research Association.

Die eerste produkte van hierdie pottebakkery is in 'n klein geboutjie, wat vroeër vir die kweek van paddastoele gedien het, gemaak. Gedurende die aande en in die naweke het die drie persone hier klein vasies van rooi klei gemaak, wat verkoop is as „Silwood-erdewerk". Later het daar 'n vierde bygekom, nl. H. A. J. Smit, 'n ervare modelleerder. Al gou is 'n beter kleisoort gebruik. Langsamerhand groei die pottebakkery, totdat dit in 1953 oorgaan tot massaproduksie.

Die Silwood-pottebakkery is veral interessant omdat dit ook ander vertakkinge van kunsnywerheid aanwend, byvoorbeeld 'n erdewerk-lamp met 'n gietyster voetstuk. In 1952 het Silwood gehelp met die oprigting van 'n klein besigheidjie, die Alicia Floral China-ateljee, wat juwele en snuisterye, met erdewerkblommetjies versier, maak. Alles word hier deur vakkundige blankes gedoen. Die blommetjies is van 'n opmerklik hoë gehalte en ewenaar die beste oorsese produkte op dié gebied. Die ontwerpers van Alicia Floral China is mnr. en mev. J. Steele, albei baie ervare ontwerpers van erdewerk. Die meeste versierings word met die hand geskilder in swart, groen, geel, ligroos en blou.

Erdewerk vase en snuisterye word ook deur 'n ander ateljee in Johannesburg gemaak, nl. Flora Ann, wat maar onlangs opgerig is.

Ook die National Ceramic Industries in Cleveland, naby Johannesburg, maak dekoratiewe erdewerk. Die meeste voorwerpe het blomversierings, maar daar word ook van Boesmanmotiewe gebruik gemaak, alles in verskillende kleure.

Naby Olifantsfontein, tussen Johannesburg en Pretoria, staan die grootste keramiekfabriek in die suidelike halfrond: die Cullinan Refractories. Die kleinste onderafdeling van hierdie geweldige fabriek is 'n pottebakkery, wat reeds in 1925 deur twee dames, G. C. Short en J. Methley met toestemming van die eienaar opgerig is. Hoewel dit noodwendig die kleinste afdeling van die fabriek bly, het die pottebakkerye in die verloop van jare baie gegroei. Vandag word daar baie voorwerpe gemaak soos blomvase, dierefiguurtjies, bekers, borde, koppies en pierings, deurknoppe, ens. Die kleure wat meeste gebruik word is blou, pers, donkergrys, wit en 'n spesiale soort seegroen. Ook word hier baie mooi dun bakke gemaak, wat 'n besondere bewerking vereis waarby die hitte van die oond aansienlik hoër

is as wat vir die ander voorwerpe vereis word. Die produkte is bekend as „Linn-erdewerk".

Hierdie pottebakkery lê hom ook spesiaal toe op die maak van teëls en teëltablo's. Die teëls is gekleur of net in blou-wit. Baie van hulle is oorspronklik deur vooraanstaande Suid-Afrikaanse kunstenaars ontwerp, met afbeeldings van die naturelle- en diereliewe of gebeurtenisse uit die geskiedenis. In 'n hele aantal geboue in die Unie soos eetkamers op spoorwegstasies, poskantore, hospitale, maar ook in portale of kaggels van private huise kan hierdie teëltablo's gevind word.

'n Ou erdewerkfabriek in Pretoria, die Globe Pottebakkery, is onlangs deur 'n ateljee oorgeneem; die produkte is nou bekend as „Elwood-erdewerk". Daar word hoofsaaklik vase, blombakke, en ornamente gemaak. Tee- en eetserviese word egter ook op bestelling uitgevoer. Die kleure waaraan besondere aandag gegee word is kopergroen en swart, maar ons vind ook ligrooi, geel en blou. Die eienaar, C. J. Reid, en sy vrou doen die werk met behulp van naturelle. Alle voorwerpe word nog op die draaiwiel gemaak en met die hand geskilder. Reid het aan die Witwatersrandse universiteit studeer en hom daarna op ander maniere verder bekwaam; hy was laboratorium-assistent, en is ook instrukteur aan die Tegniese kollege, Pretoria.

Daar is vandag 'n hele aantal groter en kleiner ateljees in Transvaal. Vir ons doel is drie baie belangrik, omdat elkeen 'n heeltemal verskillende benadering en opvatting van erdewerk en sy moontlikhede het.

Dykor-ateljee is in 1952 deur I. A. Perold opgerig. Perold het in 'n laboratorium vir ruwe grondstowwe en later by 'n bitumen-maatskappy tegniese ervaring opgedoen. Daarna het hy aan die Globe Pottebakkery gewerk. Hy het aanvanklik in 'n voorstad van Pretoria op sy eie houtjie begin, maar later het hy na 'n ruimer perseel in die binnestad getrek. Die ateljee spesialiseer in ornamente, vase, bakkies en versieringserdewerk, wat alles met die hand beskilder word. Perold lê hom toe op herfskleure en hy het daarin geslaag om allerlei variasies van tinte in groen, bruin, geel en grys te verkry.

'n Tweede ateljee in Pretoria is dié van Esias Bosch, bekend as Alwyn-pottebakkery. Bosch het die Tegniese Kollege in Johannesburg besoek, waar hy later instrukteur geword het. Vervolgens het hy in Londen studeer en praktiese ervaring opgedoen en by sy terugkeer in Suid-Afrika stig hy 'n ateljee in Durban. Moeilikhede met klei noop hom egter om na Pretoria te verhuis.

Bosch laat niks aan die toeval oor nie en doen alles self: modellering, versiering, glasuurwerk. Sy erdewerk is absoluut vuurvas. Die versierings hang heeltemal af van die vorm van die voorwerp waar hy mee besig is en hy is een van die min Suid-Afrikaanse pottebakkers wat geen helder kleure gebruik nie. Sowel wat vorm en kwaliteit as afwerking betref, is sy werk definitief van hoogstaande gehalte.

D. Turgel en sy vrou en hulle vriend D. Blewett het kort gelede in 'n voorstad van Johannesburg 'n ateljee opgerig waar daar ook baie oorspronklike werk gemaak word. Die produkte, „Marrakesh-erdewerk", is vernoem na 'n stad in Marokko, Marrakesj (d.i. rooi-grond) wat dieselfde soort rooi klei gebruik waarvan hierdie erde werk gemaak word. Turgel is 'n argitek uit Londen, wat saam met sy vrou baie belangstelling vir Noord-Afrika het en geruime tyd in die Atlasgebergte en Marokko rondgereis het. Blewett het lank by 'n ou pottebakkersbedryf in Algiers gewerk. Aldrie het later na Suid-Afrika gekom en in Johannesburg weer erdewerk begin maak. Hulle beoog 'n erdewerkkuns wat tipies Afrikaans is maar wat tegelykertyd by die westerse lewensstyl aanpas.

*

By verskillende fabrieke en ateljees het die klei wat gebruik word aanvanklik baie moeilikhede veroorsaak. Klei wat vooraf berei is, soos dit dikwels by pottebakkerye oorsee afgelewer word, is in ons land nog onbekend. Gevolglik moet elke pottebakkersbedryf in Suid-Afrika maar self sorg dat die vereiste bestanddele in die juiste verhouding gemeng word, wat soms baie tydverlies veroorsaak.

Kleisoorte is ook een van die oorsake waarom daar, behalwe een uitsondering, nog geen dekoratiewe porselein in die Unie gemaak word nie. Die egte goeie porselein, soos ons dit uit Sjina, Japan, Frankryk en Duitsland ken, is tegnies baie moeilik om te maak. Slegs een fabriek die Boksburg-Oos-Pottebakkery, maak porselein. Die spesiale klei, kaolin, wat hiervoor nodig is, word uit Basoetoland verkry. 'n Groot hoeveelheid hiervan is vir elektriese porselein, en dieselfde manier van bereiding kan vir versierende keramiek gebruik word. Tog sal die gehalte nog nie met die oorsese porseleinprodukte, met hulle tipiese deurskynendheid, kan wedywer nie. Onlangs is egter nuwe neerslae van goeie kaolin ontdek, en dit is nou heeltemal moontlik dat in die nabye toekoms goeie porselein ook in Suid-Afrika gemaak sal word.

Nie net die klei nie, maar ook die werkkragte skep 'n

probleem. Een van die direkteure het dit baie skerp as volg uitgedruk: „Ons kan nie sommer net die ruwe klei vat en 'n pot mak nie, maar ons moet ook die ruwe menslike klei neem en daarvan 'n pottekakker maak!" Soos uit die bostaande blyk kom baie pottebakkers en versierders in die Unie oorspronklik van oorsee of het hulle opleiding oorsee geniet. Maar ons merk ook op dat verskillende onderwys-instellings in die Unie, veral die tegniese kolleges, alreeds aan heelwat pottebakkers 'n baie vaste agtergrond verskaf het waarop later uitgebrei kan word. Ook die Suid-Afrikaanse universiteite gaan nou daartoe oor om spesiale departement vir die praktiese beoefening van die skone kunste op te rig, waar studente met talent geleentheid kry om verder te ontwikkel. Hoewel dit altyd belangrik sal bly dat ons pottebakkers en kunstenaars in die algemeen, oorsee vertrek vir verdere opleiding, sal hierdie onderwysinstellings 'n toenemende rol in die Suid-Afrikaanse erdewerk vervul.

Deurdat die maak van egte porselein voorhands nog baie moeilikhede in die Unie sal oplewer, is daar pottebakkers wat dit ernstig oorweeg om die sg. „bone"-erdewerk te probeer maak. Soos die naam reeds sê, word daar by hierdie produk 'n groot hoeveelheid gemaalde dierebeendere verwerk. Deurdat die verdere benodigde grondstowwe maklik verkry kan word, is daar alle aanduidings dat daar in Suid-Afrika baie goeie „bone"-erdewerk sou kan gemaak word.

Dis begryplik dat die kleiner ateljees, waarvan ons die belangrikstes hierbo genoem het, meer vervaardigingsvryheid het as die groter fabrieke, wat op massaproduksie ingestel is. Daar kan meer aandag aan elke voorwerp afsonderlik bestee word en dus is dit vanselfsprekend dat die produkte van die kleiner ateljees in baie gevalle beter vorms, kleure en gehalte het as wat van die groter fabrieke verwag kan word. Tog word daar ook deur die groot fabrieke baie gedoen; party reël selfs demonstrasielesings en kursusse in blomme-rangskikking waarby dan aan die publiek getoon word hoe om erdewerk die voordeligste te gebruik. Want deurdat die erdewerknywerheid in Suid-Afrika nog maar baie jonk is, is ook die groot publiek in ons land, met uitsondering van 'n kleiner aantal fynproewers en kenners, nog nie altyd heeltemal op *goeie* erdewerk ingestel nie. Vir menige pottebakker veroorsaak dit baie hoofbrekens en moeilikhede, veral omdat hulle nie altyd bereid is om hulle produkte by die nog ongeoefende smaak aan te pas nie. Deurdat daar egter meer en meer goeie tentoonstellings en

spesiale kursusse gereël word, veral onder leiding van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging; deurdat daar ook reeds gereëld artikels oor erdewerk in die Suid-Afrikaanse tydskrifte verskyn en daar by die deursnee Suid-Afrikaner nou eenmaal trots bestaan oor die feit dat 'n voorwerp in sy eie land gemaak is, is daar 'n groot moontlikheid dat daar mettertyd verbetering sal intree. Hierby moet egter nie vergeet word dat die ontwikkeling van goeie smaak 'n langdurige en moeisame proses is nie.

Behalwe die gunstige uitsonderings kan ons nie ontken dat Suid-Afrikaanse erdewerk nog dikwels swaar en grof is, en dat die afwerking soms veel te wense oorlaat nie. Kleure is nie altyd eweredig versprei nie, deksels pas nie altyd goed, en rande van koppies is nie altyd glad nie. Daarenteen is dit baie sterk en dit breek meestal nie sommer nie. Wanneer daar nog 'n bietjie ekstra aandag aan die produk bestee sou word, is dit heeltemal goed moontlik om eersteklas erdewerk in ons land te maak. Dit sou aangemoedig kan word deur die publiek bewus te maak van die verskillende fabrieksmerke. Die gewone publiek ken op die oomblik meestal net Suid-Afrikaanse erdewerk in die algemeen, maar dat daar 'n groot aantal fabrieke en ateljees is wat onderling ook in gehalte baie verskillende produkte lewer, word nog maar baie min besef. Ongelukkig word daar gedurende die laste twee jaar soveel buitelandse erdewerk ingevoer dat baie winkels daarmee oorlaai is en dus geen Suid-Afrikaanse erdewerk meer wil hê nie. Laat ons egter hoop dat daar nog tydig ingegryp kan word sodat ons eie erdewerk verder sal kan ontwikkel en daar uiteindelik 'n tipiese Suid-Afrikaanse erdewerk kan ontstaan wat sy plek tussen die meer belangrike produkte van die wêreld se kunskeramiek op waardige manier sal volstaan.

A. J. J. VISSER:

# Raaisel

*Weg van die berg met sy donskombers*
*gooi ek 'n saadjie in 'n rooi-warm vers.*

*Klein klippie ver gooi,*
*waar gaan jy die geil woorde strooi?*

*Wit lê die ryp in die Tangwa-Karoo:*
*Wie sal ooit in die groei van dié rympie glo?*

*Die Swartland vrees die rooi van die roes:*
*niemand wil die halms gerfbind en oes.*

*In watter koevert sal ek jou nou tooi,*
*klein klippie, blink klippie, ver gooi?*

# Afsterwe van 'n Digter

DOOD: *Ek moes dié man se menswees skors:*
*met rym en dig het hy U tyd vermors;*
*Met woorde heelnag deur gedobbel-dans.*
*Daarom toon sy lewe dié debietbalans.*

REGTER: *Bedags nie presteer in spel en sport?*
*Die vonnis is te veel reeds opgeskort.*

DIGTER: *Ek self is nou in my voltooi: 'n Lied*
*wat ek as boete vir my dade bied.*

# Die Koeël vir Verraad

*Hy is in die skepping losgelaat*
*'n ewigheid gelede.*
*Sku die liefde, is nie haat*
*en bestaan nie in geloof of rede.*

*As die sterre vlam en val*
*laat hy hul oë koek*
*tot wilder staar; 'n vlym kristal*
*wat dade gryp, deursoek.*

*'n Neonlig se afsku flikker:*
*het jy verraai, verloën? So nie, sê.*
*Die kommandowurm, vet en dikker,*
*begin die eiers van vergelding lê.*

*Die splitsing van atome — vreugde, smart —*
*ketting deur 'n rou gewete:*
*tref die opslagplekke van die hart*
*met sterf- en wanhoopskrete.*

*Die eerste sonstraal kry die valk*
*met 'n klipdas in sy kloue.*
*Uiteengeruk en oopgespalk*
*hang Judas buite in die koue.*

# Oujaarsdag

*Die dae vou soos vaalpapier*
*om elke mens se smart, plesier*

*en onder strooi- en sinkdak*
*word dit op solders weggepak.*

*Op hierdie dag van elke jaar*
*word die heel verlede wrang ervaar:*

*Niks kan ooit verborge bly,*
*die optelsom van als is ek en jy.*

# Droogte in die Binneland

*Die son skroei oeste tot wynsteen in 'n kuip*
*en diere vrek na weke sonder suip.*
*Ons weet uit ou geraamtes en slote*
*die reënboog sal vanjaar weer sy pote*
*vir maande in die dop van die berge laat kruip.*

R. J. JANSEN VAN RENSBURG:

# Ballade van die Bloed

*Daar het 'n ou man langs die pad gestaan,*
*'n ou man langs die pad wat ek moes gaan;*
*sy beengesig was bruin soos leer geskroei*
*en tyd het in sy sneeubaard vasgegroei.*

*„Ou Vader, waarheen is die reis?*
*Of het jy hier verdwaald geraak,*
*dalk kan ek jou die pad weer wys?"*

*„Dit is die bloed, die bloed wat gaan,*
*bestemming is nie nodig nie*
*as voete altyd stil moet staan."*

*Toe ruk hy uit sy binnesak 'n mes*
*en steek dit snel en hefdiep in sy bors;*
*hy vang die bloed versigtig in 'n fles*
*en drink dit soos 'n man wat wurg van dors.*

*„Jou dwase man, jy sterf!*
*die grond is rooi geverf!*
*Jy drink jou bloed en maak*
*asof dit lekker smaak."*

*„Dis gal, dis gal, jong man,*
*maar ek hou daarvan.*
*Ek drink dit want ek moet,*
*ek moet, want dis my bloed."*

# Windnag

*Die wind het yl-verward*
*sy fluisterspel begin*
*in hierdie bang en swart*

*verlatenheid vannag*
*waar elke brose uur*
*'n wonder word wat sag*

*die sproeifyn ritselreën*
*oor hart en vensterglas*
*in triestigheid versteen.*

IGNATIUS VAN VUUREN:

## Nocturne

*Hoog het die maan*
*se sagte stralekrans*
*hier in die eikelaan*
*bo jou en my gedans.*

*Ons was alleen*
*met net die stilte*
*om ons heen.*

*Vele dinge wou ek sê,*
*maar magt'loos*
*het die woorde*
*diep in my hart bly lê.*

*Die nag, die laan,*
*ligvonkies op jou hare,*
*het soos 'n suiwer*
*melodie in my opgeslaan.*

*En toe jy later*
*met die maan*
*blink in jou oë*
*na my kyk,*
*het al die onsekerheid*
*skielik ver weggewyk.*

## Kremetart

*Hoog en massief hang*
*jou kroon oor*
*die wye veld,*
*reus van die trope,*
*baken vanaf Waterberg*
*tot by Olifantsrivier.*
*Jou wortels lê diep*
*en jou takke,*
*geknot en strak,*
*waaier uit die geswolle stam.*
*Wit klok jou blomme*
*na benee*
*en hard is die vrug*
*wat jy gee.*

## Wedergeboorte

*Kyk, sien jy dit?*
*Gister was dit nie so!*
*Sien jy die helder*
*spatsels teen die wit*
*en die blou?*
*Die tyd vir die blom*
*en die tyd vir sang*
*is hier, ou maat!*

*Ai, hoor jy hoe die*
*voëltjies sketter en lag?*
*Lente het die borsies oopgeskeur!*
*En nou gaan ons hand aan hand*
*deur 'n nuwe land;*
*met die lied en die geur*
*van hierdie helder dae diep*
*in ons hart en blink in ons oë.*

## Sonnet

*Stilweg vloei die dae nou*
*en die ure drup-drup oor*
*die gloeiing en helder-wit boor*
*die lig tot in die verste blou.*

*Vir laas nog sing die kokkewiet,*
*en stadig-loom pols die somer*
*dood; liggies ritsel dorre lower*
*na benee en sing hul afskeidslied.*

*O Heer, open U my hart;*
*laat my drink uit U fontein;*
*stil U my smart*

*dat ek vir laas U hand*
*kan voel voor ook ek*
*wegspoel oor die donker rand.*

D. F. MALHERBE:

# By die Bad

„Oom, ek is 'n koerantman. Daar was gisteraand 'n groot vergadering op X., en vanaand moet ek terug wees in die stad."

Daar kruip so 'n spotterige laggie oor die ou se kaalgeskeerde bolip.

„Jy sal nie vanaand die stad haal nie."

„Wat makeer dan, Oom?"

„Die weer is tussen jou en die stad," en hy wys na die horison. En waarlik, daar klim 'n blou bank op.

„Daar is 'n kwaai weer aan kom, maak al dae lank klaar."

Ek voel erg verleë. Om so gevang te word.

„Dink Oom regtig so?"

„Sonder twyfel. Maar hier is losies, min mense by die bad. Maar wat ek wou sê, die politiek deesdae laat my koud. Wat is die onderskeid tussen die twee kante van 'n saag?"

„Nie eintlik nie, maar die tande is die ding."

Toe val die tante in daar op die veranda waar ons in die koelte sit. Haar lewendige oë verleen smaaklikheid aan 'n anders onaantreklike gelaat.

„Ek dink aan die ou dae toe ek vir die eerste maal 'n sirkus gesien het. Dit was 'n groot dag toe Vader ons na die sirkus sou neem. En wat ek beste onthou van alles, is die olifant wat op 'n stellasie van regopstaande bottels moes loop. Daarna was daar 'n perd, maar dié het nie so ons aandag getrek nie — die olifant! Jare daarna, toe ons weer gaan, was daar nie 'n olifant nie. So gaan dit met die politiek, neef, die olifant en die perd word vertoon. Hulle moet speel voor die mense. Maar dit gaan gou verby. Weet jy, die politiek het nog nie 'n enkele gannabos op die plaas laat groei nie..."

Dit is nou genoeg, dink ek. Hierdie ou man en sy vrou is nie aan die regte kant nie. Die saag het mos twee kante wat eenders lyk. Dit is die dae van die Smeltertyd. Almal is in beroering, baie nog onbeslis en soekend. En hoewel ek 'n gevorderde pos op die redaksiekantoor gehad het, word ek gestuur om 'n korrekte verslag van die vergadering op te stel, waar 'n minister die woord sou voer. 'n Padwyser met die woorde: *Minerale Bad —Losies* stuur my toe hierheen al met 'n dowwe paadjie. Nuuskierigheid was

bepaald die vernaamste dryfveer. En nou sit ek half verleë teenoor die ou mense, want binnekant is ek ene bruisende politiek, en hulle is nie van my soort nie.

Na 'n pouse waarin die oom sy pyp uitslaan en weer opsteek, begin ek.

„Woon Oom-hulle ver van hier?"

„Omtrent so 'n vyftig myl."

„En Oom-hulle lyk dan so gesond?"

„Ag, Neef, 'n bietjie rumatiek."

„Maning van die rykdom," waag ek.

„Wie word dan ryk tussen die aalwynkoppe?"

„Wol, Oom."

„Maar my plaas se grond is darem ryk," sê hy gemaakophalerig met 'n skelmerige laggie. Ek sien 'n flikkering in sy oë, en hy verskuiwe sy stoel.

„In hierdie wêreld is mos nie diamante nie," sê ek.

„Nee, maar meer as dit."

„Onder die grond, Oom?"

„Onder die grond."

„Goud — olie? Wat kan dit dan wees?"

„Neef, verstaan, ek woon op 'n ou familieplaas. Daar lê been en bloed van die voorgeslag."

„Dit is mooi, Oom."

„Jakkalsdraad en damme, wat sê dit? Dit maak nie die grond ryk nie, maar die been en bloed van die ou geslag. Dit is hulle wat ons moet lei deesdae. Dit is hulle been en bloed wat met 'n mens praat, dat 'n mens nie wegtrek stad toe nie. Jy ook, Neef, sit in die stad. Waar is jy gebore?"

„Oom, op 'n plaas."

Asof hy half nukkerig word, kyk hy skerp na my:

„En wat soek jy in die stad?"

„Brood, Oom. Almal kan mos nie op die plaas bly nie."

„Sa - sa - sa! Stad toe. Deesdae se jong geslag wil net stad toe. Hulle het nie meer die grond lief nie. Hulle soek ander dinge — stad toe, stad toe . . ."

„Oom, maar ons, Afrikaners, moet tog ook in die handel gaan. Ons moet geleerdes hê aan die universiteite. Ons kan tog nie alles maar so oorlaat aan vreemdes nie. Ek sit byvoorbeeld by die koerant, en kyk watter geweldige invloed die koerant nie het nie."

„Ag," onderbreek hy my met 'n vies trek op sy gesig, „die koerant is net politiek."

Daarby is daar so 'n voldoening by tante op te merk dat hy my so drasties wegstamp, dat ek besluit om tog maar uit hierdie gevaarlike vaarwater weg te bly. Tog

word ek versterk in my mening dat die twee oues eintlik teen my soort politiek gekant is.

„Maar die handel, Oom. Ons kan nie net 'n volk van boere wees nie. Vroeër het Afrikaners ook winkels gehad, maar dié het uit hulle hande geraak . . ."

„Hoekom?"

„Miskien omdat ons nog nie opgevoed was in dié rigting nie."

„Maar het jy al gedink wat van 'n volk moet word, wat sonder boere is?"

„Dit mag Oom wel vra. Maar dit sal nooit gebeur nie, by ons nie."

„Ek het twee seuns. Een is predikant, die ander boer. Maar hy boer net vir geld. Hy wil somaar 'n boom uitroei. Die liefde vir die grond sit nie in hom nie. Dis dié wat ek sê, die jong geslag is van 'n ander stoffasie. Die rustigheid en tevredenheid is weg."

Uit die sitkamer kom 'n stem wat met klavierbegeleiding sing: *Sal ons ou kennisse ooit vergeet*. Ek voel eintlik gelukkig dat ek 'n gesprek kan afbreek, wat geen nut stig nie, want jy stamp elke keer teen 'n onomstootlike muur — ou idees wat geen verband het met die moderne taak van ons volk nie.

„Wie sing dan daar?"

„O, dit is mev. Hartley. Sy kan so danig babbel," sê die tante en wys haar afkeer met 'n senuweeagtige verskuiwing van haar sitposisie.

„Maar sy is ryk," sê die oom. „En sy kom rus. Moeg van die stad."

Mev. Hartley kom by.

„Mev. Hartley," sê die oom, „en meneer . . . ek het nou weer Neef se naam vergeet . . ."

„Bessie!" sê ek. „Hoe kom jy hier?"

„Josef!"

„Twintig jaar laas gesien."

„Dan is julle ou bekendes!" sê Oom. „Nou is dit tyd om te gaan bad. Dan kan julle maar gesels."

Bessie het nog dieselfde bloesende kleur maar ook dieselfde growwigheid van vel van vroeër, wat haar aangebore nadeel bly. Ons het mekaar goed geken op die dorpskool, en skielik is sy toe saam met haar ouers na Transvaal.

„Waar is jou man?"

„Ek het g'n man nie."

Daar was iets opstandigs in haar antwoord.

„Geskei!"

„Josef, jy moet die Here dank as jy gelukkig getroud is. Is jy?"

„Ek is. Was jy dan ongelukkig?"

„Luister, Josef. Vader het my goed agtergelaat met 'n groot aantal aandele in 'n Rhodesiese goudmyn. En na Moeder se dood, moes ek alleen aangaan. Om nie ledig te wees nie, het ek toe in 'n kantoor gaan werk, hoewel my dividende heeltemal genoeg was om my te versorg. Ek hou van reis — mense en plekke en ondervindinge. En so het ek eenmaal Kaapstad toe gegaan en vandaar met die boot na Durban — so 'n rondreis sou dit wees weer terug na Johannesburg. Dit was op dié reis dat ek die man ontmoet het. Hartley was destyds aan 'n saak in Durban verbonde. Hy het my geweldig aangetrek, met sy groot bruin oë, innemende stem en mooi maniere . . ."

„Die seereis lyk gemaak vir romantiese ondervindinge," val ek skertsend by, maar Bessie bedwing met 'n onplesierige uitdrukking op haar gesig, wat vervaag en in weemoed oorslaan.

„As daar in hemelsnaam maar liewer g'n romantiek gewees het nie. Maar ek was jonk en, al wil ek dit nou vir jou sê, dit was die eerste aanbod van 'n man. Ek was onervare, en hy het gou 'n plek in my hart gekry: hy was geestig, het van lees en musiek gehou, en ek het die skyn vir die waarheid aangesien. Toe ons Durban haal, was ons dan ook sê maar verloof. Na drie maande was ons getroud, woon in Durban met 'n stywe, dubbele inkomste."

„Maar, Bessie, het jy dan nie voor die trou eers uitgevind wie sy vriende was nie? Ek bedoel, het jy dan niks van sy agtergrond geweet nie? Jy weet mos goed hoe dit was by die ou geslag. Hulle wou altoos haarfyn uitpluis van die man se familie en, as dit kon, van sy voorgeslag. Jy het dit mos geweet . . ."

„Ag wat," onderbreek sy my, „as 'n mens verlief is, regtig verlief, soos ek was, wat help uitvra dan? As jy sou hoor wat nie na jou sin is nie, dan smyt jy dit weg. Arthur was vir my alles. Tog het jy alle rede om so te praat. Maar van agter gesien, lyk 'n saak so anders. As ons vorentoe kan sien, dan sou ons nie foute maak nie. En daarby kom dat ek alleen was in die wêreld. En dit is iets wat jy seker nooit kan verstaan nie."

Intussen het 'n digte stofmis aangewaai en donderweer hoorbaar geword.

Ons gaan in die sitkamertjie. Meteens 'n geweldige wind wat 'n tak hier en daar van 'n bloekomboom afskeur en

voortsleep. Ons kyk deur die venster na die geweld daarbuite totdat dit begin stortreën.

„Jy kan bly wees dat jy ingedraai het bad toe, want jy sou seker vasgeval het," sê sy later.

Ander ooms en tantes kom in die sitkamertjie sodat gesprekkies oor die weer ons besig hou. Na 'n uur van harde neerslag breek dit stomp af.

Toe ons weer alleen is, moedig ek Bessie aan om haar storie te vervolg.

„Nou ja, toe was ons getroud, 'n week of twee het dit goed gegaan. Hoe hy dit reggekry het, bly vir my nog 'n wonder. Ons maak motorritjies — bioskoop en teater saans — en daar skort niks. Een Saterdagnamiddag gaan ons 'n ent ry langs die kus, stop by 'n hotel waar hy 'n danige vriend ontmoet, en dit was die end van my droom."

„Ek sien nou al waar dit heengaan," merk ek knikkend op.

„Jy sal nie die helfte raai nie, Josef," sê sy moedig.

„Hy laat my by vreemdes sit, terwyl hy en sy vriend net 'n oomblikkie opsy gaan. Dit duur lank, die vreemdes vertrek. Ek sit alleen. Ek verwens hom, ek verwens myself. Ek stuur 'n bediener om hom te soek: hy is in die kroeg. Ek wil daarin. Geen dames word toegelaat nie, heet dit. Ek voel vreeslik ontsteld. Waar is my man se galante maniere nou? Die son is reeds onder. Vreemdes kom in en gaan uit. Ek sit verlate in 'n hotel, en my man is in die kroeg. Deur bemiddeling van die bestuurder kry ek dit so ver dat Arthur laat weet, hy kom nou-nou. Teen skemerdonker bring sy vriend hom ingehaak by my, maar in hoe 'n toestand?"

„Bessie, Bessie!" bring ek meewarig uit.

„Hy kon nie praat nie — my man!"

Snikkend sak haar hoof in haar hande.

„Huis toe ry met hom — die angs wat ek uitgestaan het! Stadig, Arthur! Maar dit was te laat: die kar uit die pad geswaai en op sy kant. Gelukkig geeneen beseer nie. Dit is nag. Wat kan ons doen behalwe wag? Goeie mense wat verbykom, neem ons huis toe. Die skaamte vreet my op, want elkeen sien hoe onbekwaam hy is. Na tuiskoms word hy nukkerig en kwaai — ek mag hom niks verwyt nie — niks!

Die volgende dag praat ek mooi.

‚Jy was altyd so hoflik teenoor my. Kon jou vriend dan nie end kry toe ek boodskap stuur nie? Het jou vriend dan nie aan my verleentheid gedink, as jy nie gedink het nie?'

‚Kyk, na die sesde sopie is ek nie meer te keer nie,'

bely hy op so 'n patetiese manier dat die skrik in my lyf vaar. Ek sien 'n afgrond . . ."

Sy raak weer in verdriet. Ek gee haar tyd om dit te bowe te kom.

„Die ontnugtering daardie Sondag! Ek probeer hom oortuig van sy dwaasheid.

‚As jy nou weer saamkom met jou vriende, sorg tog om op te hou voor die sesde sopie.'

‚As hulle vir my uitlag?'

‚Sê dan, jy het 'n verpligting teenoor jou vrou.'

‚En as hulle my dan daaroor eers reg uitlag?'

‚Dan verlaat jy hulle. Is hulle vir jou meer werd as jou vrou? Beloof my, Arthur,' sê ek smekend.

‚Oppas vir die sesde sopie,' prewel hy asof hy dit goed wil onthou, maar ek sien iets van 'n skelm laggie wat hy onderdruk.

‚Jy belowe, Arthur?'

‚Nou weet ek, Bes. Ek sal vyf albasters in my regterbroeksak hou, en by elke sopie sal ek een albaster in die linkerbroeksak sit. En so sal ek weet om op te hou.'

Daar was geen twyfel aan sy erns nie, hoe kinderagtig sy plannetjie my ook al voorgekom het. Maar toe het ek begryp met 'n skok hoe ontoerekenbaar hy moet wees.

‚Jy belowe, Arthur?'

Hy swyg.

‚Jy belowe, Arthur, as jy 'n man is, die man wat ek my aan oorgegee het, die man wat ek bedags van droom as hy vort is — jy belowe, Arthur?'

‚Weet net nie watter figuur ek sal slaan by my vriende nie. Dit is maklik vir jou om dit vir my te vra. Maar wat verstaan jy van die verband tussen my en my vriende? Dit is mense wat saam met my — nou ja, dit is hulle wat my beskerm . . .'

‚Jy het 'n vrou wat jou sal beskerm teen wie ook.'

Toe neem hy my hand in syne en liefkoos my.

‚Bessie, ek sal oppas vir die sesde.'

En ek glo waarlik dat hy op daardie oomblik opreg was. Daar was innigheid in sy stem. In dié oomblik was hy vir my weer die onbesproke jonkman van voor die troue . . ."

Haar stem het week geword of dit wou breek.

„Bessie, jy was 'n liggelowige kind. Jy kon toe al geweet het dat hy verslaaf was."

„Maar ek was onervare. En sy belofte, sy erewoord!"

„Ag, wat, erewoord! Hoe kan so 'n slaaf nog 'n erewoord hê? Daardie tipe het altyd dors en word nooit versadig

nie. Hulle is die woestyn wat altyd smag na die reënwolk, met dié onderskeid dat hulle reënwolk elke dag kom. Hulle is te swak om woord te hou, want die duiwel binnekant is te sterk. Die band tussen jou en hom was 'n lyntjie lint, die ander band was 'n ysterketting — lint teen yster! So 'n ongelykheid — foeitog, Bessie!"

„Jy is reg. Dit het van kwaad tot erger gegaan. Saans al later tuis en beskonke. Protes was onnut, want hy was van die soort wat woedend word in so 'n toestand. Kort daarna het sy vriende hom dra-dra tuis besorg. Hy het gevaarlik geword, wou my skiet. Saans het ek maar na bure gegaan; ek was 'n wrak van teleurstelling en vrees. Die skeiding was maklik. Ek het weer gaan werk. En dit alles was tien jaar gelede. Jare later het hy my in Johannesburg kom opsoek met erewoorde en goeie voornemens en voorstelle. Maar ek het voet by stuk gehou. Dit is my storie."

„En dit is die storie van baie onervare vroumense. Ai, Bessie, jou droompie was 'n nagmerrie."

* * *

Die aand aan tafel sit sy regoor my, smaakvol aangeklee, maar haar oë is rooi. Haar ingetoë houding teenoor vrae wat ek uitstrooi, verbaas my. En as ek meer geweet het, sou ek nog meer verbaas gewees het oor haar dappere houding. Wat die ooms en tantes gesels, laat my koud. Die verhaal van Bessie gryp my aan. Alleen, die vreemde swygsaamheid wat sy volhou onder gedurige verwysing na haar deur die badgaste, waaruit 'n mens kan ontneem dat sy anders die tafelgesprek aan die gang gehou het, dit kan niemand verstaan nie. En ek vra myself af of haar verhaal, die herbelewing daarvan teenoor my, miskien te veel gewees het vir haar gemoed, en of sy miskien haar ongeluk geplaas het teenoor my geluk en toe in 'n bitter-droewige stemming verval het — alleen, alleen in die wêreld, aangewys op haar eie moedige standvastigheid om haar eensame lot sonder kla te aanvaar... In sulke gedagtes verdiep ek my onder die ete.

Die ou mense gaan vroeg slaap en laat my en Bessie alleen in die sitkamertjie by 'n olielamp wat die vertrekkie so effe belig dat dit net genoeg is om 'n mens se somber gedagtes aan te help. En hoewel ek merk dat sy iets te sê het, wil ek darem nie met die deur in die huis val nie.

„Maar sê my waarom jy op so 'n afgeleë plekkie vakansie kom hou."

„Ek soek stil plekkies uit."

„Maar hier? Ou mense, kranklikes, geen afleiding nie?"

„Glad ander tipes hier. Ek hou daarvan om allerhande soorte te leer ken en te leer verstaan. En 'n mens sal jou tog verwonder hoeveel daar in die oues sit, hoeveel geestigheid en diepte en . . . opregtheid. En bo alles hier sien jy nie bottels en hoor jy nie glase klink nie . . . As ek 'n skrywer was, sou ek hier heerlike stof bymekaarmaak."

„Dit glo ek goed, maar . . . jy is tog nie siek nie."

„Gesonde mense profiteer ook van die bad."

„Kry julle gereeld pos?"

„Elke dag. Kan jy gedagte lees?"

„Nee, hoekom?"

„Omdat my gedagte by die pos is. Dié het vandag laat gekom oor die weer."

„Het die pos jou dan so ingetoë gemaak?"

„„Jy meen dat ek so stil was?"

„Jou geaardheid is mos anders."

Sy swyg, maar ek merk 'n ongemaklikheid aan haar.

„Vir jou alleen sal ek dit sê."

„Nuus miskien wat jou . . ."

„Ja, Josef," snik sy teen my skouer aan met haar hoof.

„Is iemand dood, Bessie?" vra ek bewoë.

„Geen doodstyding nie, maar 'n vreeslike tyding . . . vir my wat so alleen in die wêreld staan."

Toe neem sy haar handtassie, haal 'n telegram uit en sê: „Lees self."

Ek lees hard: „Mine closed down. Sorry shares. Pultney."

„En dit beteken?"

„Al my inkomste na die maan."

„Maar hoe is dit? Het jy niks vermoed nie?"

„Die laaste jare . . ." begin sy soos 'n geskokte wie se woorde afgebroke en asof deur persing uitkom, „het die dividende swakker geword, gouderts minder omdat hul die ryk laag goud omtrent deur was. Ek het onrustig geword en daarheen gereis. Maar hulle was reeds amper klaar met 'n nuwe skag op grond van belowende aanwysings. Pultney, die bestuurder, wat ook 'n tamaai lot geld ingesteek het, kon my verseker dat daar geen rede was om ongerus te voel nie. Dit was 'n jaar gelede. Die nuwe skag moes reeds vergoed het. Maar nou — skielik — *closed down.*"

„Nou verbaas ek my eers reg oor jou selfbeheer dat jy nog saam met ons kom eet het."

„As 'n boer se huis afbrand, dan het hy nog die plaas, maar ek? Alleen dra en nie kla nie — wat anders?" bring sy uit met skynbare moedigheid maar tog so dat ek onder die woorde die grond van 'n swaar verdriet moet gewaar.

En in 'n vlaag van oorstelpende medegevoel en tegelyk van onmag teenoor hierdie mens verlate tussen mense, druk ek haar teen my aan op die sofa en sê met stygende nadruk:

„Bessie, wat kan ek doen vir jou? Wat kan ek doen?"

Toe sy orent kom, sê sy:

„Niks doen nie. Ek gaan môre-voormiddag met die eerste trein huis toe om te werk. Werk is ons grootste seën, Josef. Maar so eensaam wees, sonder 'n maat in die lewe . . . So bestemd om die eensame jare op te klim, te sien die geluk van ander, net die vrugte te sien hang so blosend en goed en te weet, jou hande reik nie tot daar nie — dit, dit . . . Tantalus."

Nou voel ek nog meer magteloos.

„Ek neem jou na die stasie."

„Dankbaar as jy dit wil doen. Maar miskien kan jy tog raad gee."

„Jou aandele is mos waardeloos. Watter soort raad?"

„Nie oor aandele nie."

Sy maak haar handtassie oop en haal 'n brief te voorskyn.

„Maar nee! Ek sal dit nie lees nie. Snaaks dat dieselfde pos twee skokkende dinge moet aandra. Die verwenste aandele een kant en 'n man daarteenoor. En dan sê die man as hy na die aandele kyk: al was hulle ook wat werd, wat help aandele en geld as jy tog eensaam moet bly?"

„Wat praat jy nou, Bessie?"

„Dié man is Hartley. Dié brief is ene belydenis maar daarby die versekering dat hy 'n ander mens is — onderstreep — onderstreep. Ek kan ondersoek instel, ek kan speurders op sy spoor sit, om my te oortuig. Hy wil weet of ek hom sou kan vergewe en of ek dan met hom . . . Nou ja, die res spreek vir sigself."

„Bessie, verdraagsaamheid is 'n gawe Gods en tegelyk 'n toets van 'n mens se karakter. En te vergewe is 'n bevel. Maar hierdie saak het 'n ander kant. Veronderstel dit is waar wat hy sê, sou jy hom weer kan liefhê?"

„Dit weet ek nie. Maar sê nou, sy sonde breek weer deur, dan sou die tweede dwaling erger wees as die eerste. Maar ek vertel jou dit om my raad te gee as jy lig kan sien. My weg is duister."

„Op die oog lyk dit vir my gevaarlik. Maar die vraag wat beslis, teen al ons wete, wik en weeg in, is dié van die liefde. En hier sal jou hart ook die beste gids wees."

„My hart! Moet ek weer al die brokke van 'n vervalle verlede opbou in my hart en dan sê, of ek wil glo of nie,

daar staan weer 'n hele, 'n gawe ding vir jou . . . ? Eers al die splintertjies wegvee en die trane en die verlore wense eers skoonmaak en dan van vooraf bou . . . ? Nee, dan liewer maar my eensame paadjie gaan by die ou ruïne verby . . . God alleen weet hoe my paadjie sal loop."

Haar oë is waterig. Ek bewonder haar selfbeheer.

„O, die dag was so vol dinge. Ek is senuweeagtig, weet jy."

„Wie sou nie wees in jou plek nie? En jy moet nog gaan inpak."

„Ja, en dit sal my aandag aftrek, maar daar is soveel nog op my hart."

„Jy is sterk, Bessie, jy sal deurkom."

Ek soen haar op die voorhoof.

„Nag, Bessie,"

„Nag . . . Josef . . . " sê sy met dralerige nadruk op die woorde soos een wat nie wil afskeid neem nie en nog veel te sê het, en 'n verlangende weemoed sien ek swem in haar oë.

Voor ek inslaap lê ek nog lank en nadink oor Bessie, oor haar stryd en sorge, oor haar eensaamheid, oor haar bruisende verlange na 'n maat, na geluk, en besef hoe hulpeloos die een mens staan teenoor 'n ander in sulke dinge. En met innige deernis om haar bid ek uit my hart uit: Heer, lei vir Bessie na lig en vreugde . . .

AMAND SIMOENS:

# Idylle

*Nauw zich heffend boven 't water,*
*drijft het bootje, vaan-beplant,*
*en de roeispaan-vlerke slaat er,*
*ringsgewijs, al wederkant;*
*avondzon onthalend op*
*gedruip van diamant.*

*Hij: een kracht zich voor te hoeden,*
*hoofd en handen vol beraad.*
*Zij: één zinnelijk vermoeden,*
*maar wier naam is kameraad;*
*wit-ivoren tandenrij*
*in mijmerwars gelaat.*

*Noodgeloei van moede koeien*
*over 't afgekoelde land.*
*Waterleeljen staken 't bloeien,*
*midden 't wier, aan d' oeverkant.*
*En in 't westen laait het, of*
*de wereld stond in brand.*

# Verplichte Saamhorigheid

*Gevoel en overweging schijnen vaak*
*het minder met elkaar te kunnen stellen.*
*Ei, hoe ze bij gedichten in de maak*
*niet zelden tot op 't laatste elkander kwellen!*

*Toch lukte 't geen van beiden ooit alléén*
*gegadigden volwaardig te vergasten.*
*Bazargoed valt gemakkelijk uiteen.*
*Zo 'n lijmnaad mag je amperkes betasten.*

*Want noodgedwongen horen ze tezamen,*
*zo spoor en toom bij vonk-uitslaande spoeden.*
*Ook driestheid moet verwikkelingen ramen.*

*Slechts graag-aanvaarde eendracht kan hun pogen*
*voor uitkomstloze lokkingen behoeden,*
*hun krachten honderdvoudiglijk verhogen.*

# Herfstbegin in Vlaanderen

*Onhinderbare wenteling,*
*nooit falende fataalheid;*
*verwekker van gejubel, óók*
*om tijdelijke schraalheid;*
*belerende vergeefsheid van*
*al menselijk bemoeien —,*
*hoe dikwijls zal dit welken van*
*de blaren me nog boeien!*

*De horizonnen krimpen, de*
*contoeren worden vager;*
*op 't veld is de bedrijvigheid*
*planmatiger en trager;*
*en waar de zon bleef haken aan*
*de buitenkant der wouden,*
*heeft enkel nog het bieteloof*
*zijn schelligheid behouden.*

*Maar 't goud dat reeds de paden tooit*
*waarlangs ik loop te dwalen*
*zal gaandeweg de vaalheid van*
*het landschap achterhalen*
*eer 't ploffen van de vlegels in*
*de schuren is verklonken*
*en 't ijs onder de voeten kraakt*
*waar vroeger plassen blonken.*

J. P. MALAN:

## Verlange

*Die fluit jaag skel uit stiltes op,*
*die brandweer haastig op galop,*
*die mense storm en hul kyk*
*na waar die vlammebrand beswyk.*

*Maar in die eensaamheid*
*daar brand ek uit.*
*Geen noodgefluit,*
*geen brandweer van die tyd*
*om hierdie brand te blus*
*en vir die siel bring rus.*

## Heimwee

*Dis blomme hier,*
*dis blomme daar,*
*dis blomme fier,*
*dis blomme hot,*
*dis blomme haar*
*in vaas en pot,*
*dis blomme oweral,*
*dis blomme sonder tal,*
*en om hul draai*
*die ooievaar*
*met sirkelswaai,*
*maar sonder haar.*

B. F. LE ROUX:

## Treurwilg

*Die goue lig van daardie môre uur*
*het in die takelwerk van*
*'n afgestroopte wilgerboom,*
*ligpatrone uitborduur*

*Die wonder het toe gebeur:*
*ligkol op ligkol het saamgerank*
*tot 'n Man met 'n wilgerkruis*
*wat teen 'n Heuwel uit moes beur.*

*Langs die rafels van die boom*
*het rou druppels bloed —*
*ru geskandvlek — afgedrup*
*tot op sy kleed se soom.*

## Die Nuweveldberge

*Hoe vorstelik, byne vreesaanjaend staan*
*jul vanaand op Beaufort-Wes, donker*
*afgeëts teen die lig van die sekelmaan.*

*Kinderoë vol bewondering het jul aanskou;*
*vandag reeds verweerde steentjies*
*onvermydelik in die blokkiesraaisel ingebou.*

*Steeds uitdagend, onveranderlik staan jul daar,*
*trotserend elke gril van die natuur,*
*sonder die minste teken van pyn te openbaar.*

*So sal jul dwarsdeur die eeue wees,*
*selfs wanneer die laaste mens die skof laat hang,*
*of toegewaai onder 'n doringboom, niks is as gees.*

ANNA HOLLENBACH:

# Quo Vadis?

## I. *DWAALSPOOR*

*Dis eendsterte wat rol en ruk,*
*Groen vrugte van verbode bome pluk —*
*Verwilderd is die jeug*
*In hul groot soeke na geluk.*

## II. *LABIRINT*

*Verdwaas, verdwaal, verward van sin*
*Dwaal hul al dieper in die doolhof in —*
*Wie lei hul uit, terug*
*Na waar hul weer van voor begin?*

## III. *DIE WEG*

*„Ek is die weg, die waarheid en die lewe,*
*Ek sal jou nooit verlaat en nooit begewe."*

*„Maar is U weg nie baie steil, U poort te nou?*
*Sal ek as swakke jongeling my weg kan suiwer hou?"*

*„My woord is vir jou voet 'n lamp en op jou pad 'n lig —*
*Wie daarin wandel sal voor geen versoeking swig.*

*Ek is die weg, die waarheid en die lewe,*
*Ek sal jou nooit verlaat en begewe."*

*„Die waarheid? Ja, dit is waarna ek soek!*
*Kan ek dit vind in 'n mensgemaakte boek?"*

*„My woorde is die waarheid en Ek lei jou daarin voort*
*Langs die smal weg, deur die nou poort.*

*Ek is die weg, die waarheid en die lewe,*
*Ek sal jou nooit verlaat en nooit begewe."*

*„Ek sal so graag wil lewe tot in ewigheid,*
*Maar sal ek kan volhard in hierdie stryd?"*

*„Wees nie bevrees nie, wees net sterk —*
*As Ek begin, voleindig Ek my werk.*

*Ek is die weg, die waarheid en die lewe,*
*Ek sal jou nooit verlaat en nooit begewe."*

ANDRÉ DEMEDTS :

# Hedendaagse Vlaamse Letteren

## SCHETS VAN EEN OVERZICHT

*De oude Generatie.*

De periode die met het einde van de jongste wereldoorlog begonnen is, mag als een bloeitijdperk van onze letteren beschouwd worden. Vergeleken bij vijftig jaar geleden, verschijnen thans zesmaal zoveel boeken die ten minste op hetzelfde peil staan. Ook dringt onze literatuur veel gemakkelijker tot het buitenland door; sedert 1945 werden evenveel werken in vreemde talen overgebracht als vroeger in een halve eeuw.

Vooral de verhaalkunst heeft door haar rijke verscheidenheid en het talent van haar beoefenaars een merkwaardige hoogte bereikt. Daarentegen is de poëzie in achteruitgang en blijven wij op het gebied van het essay vrij arm. Hoopgevend is wel dat het toneel een wederopleving kent en het tijdschriftenwezen voldoende uitgebreid is om de verschillende schakeringen van wereldbeschouwelijke of artistieke aard tot hun recht te doen komen. Voor een bevolking van 5.250 miljoen Nederlandssprekende Belgen, beschikken wij, behalve over enige minder belangrijke organen voor jongeren, over drie leidende tijdschriften. Het zijn, volgens de tijdsorde van hun ontstaan, gerangschikt: „Dietsche Warande en Belfort”, „De Vlaamse Gids” en „Nieuw Vlaams Tijdschrift”.

Van het geslacht dat vóór de eerste wereldoorlog naar voren trad, blijven niet velen meer over. August Vermeylen is begin 1945 overleden, nadat hij in „De Taak” nog het programma van het grote tijdschrift dat hij wilde stichten had ontvouwd. Cyriel Verschaeve, door de krijgsraad ter dood veroordeeld, stierf in 1949 te Solbad Hall in Oostenrijk, waar hij vereenzaamd op zijn einde had gewacht. Hij heeft niets van ongewone betekenis aan zijn werk nog toegevoegd. Twee jaar te voren reeds was Felix Timmermans ons ontvallen. Tijdens zijn laaste ziekte — een hartkwaal, die hem van 1944 af aan zetel en bed gekluisterd hield — heeft hij nog „Adriaan Brouwer”, een geromanceerde levensgeschiedenis, maar inzonderheid de verzenbundel „Adagio” geschreven, waarin de godsdienstige overtuiging die in al zijn werken aanwezig geweest was op een onvergetelijke manier word vertolkt. Eindelik ontsliep, nu

enige weken geleden, Prof. Dr. J. van Mierlo S. J., de beste kenner van onze middeleeuwse letterkunde, die hoe hoogbejaard hij ook was, tot zijn laatste dagen werkzaam gebleven is.

Van Stijn Streuvels, die op 3 Oktober 1958 zijn 87e verjaardag vierde, verschenen nog alleen drie delen levensherinneringen, „Avelghem", „Ingoyghem I" en „Ingoyghem II". Volgens zijn verklaring heeft hij ze, zonder letterkundige bedoelingen, voor zijn eigen plezier neergepend. Veel vruchtbaarder is Ernest Claes gebleven. Ongeveer ieder jaar werd van hem een boek uitgegeven, een roman, een bundel novellen of een vervolg op het verhaal van zijn leven, dat hij in 1940 met „Jeugd" heeft ingezet. De best geslaagde uit de reeks lijken ons „Daar is een Mens verdronken" en „Het was Lente". Dit laatste verwierf in een internationale wedstrijd, waar honderden schrijvers uit verschillende landen aan deelgenomen hebben, de eerste prijs.

Van Gaston Martens, de belangrijkste toneelschrijver van deze generatie, ontvingen wij onder de titel „Vlaamsch Tooneel" een bloemlezing die zijn voornaamste stukken bevat. Sommige eruit, zoals „Paradijsvogels" en „Het Dorp der Mirakelen", beleefden te Parijs en elders in Europa een grote bijval. Het is toneel vol volkse grappigheid, soms op het randje van het platte af, maar met een toon van waarachtige en aandoenlijke menselijkheid. Willem Elsschot, van wie de „Verzamelde Werken" na korte tijd herdrukt moesten worden, schonk in „Het Dwaallicht" een van zijn beste novellen: het relaas van een speurtocht door het nachtelijke Antwerpen, op zoek naar een onvindbaar geluk. Ook van Jan van Nijlen, die thans algemeen als een vooraanstaand dichter erkend wordt, kwamen de „Verzamelde Gedichten" uit, nadat hij in „De Dauwtrapper" de hoogste verwezenlijking van zijn kunnen had bereikt. In de verzen uit deze bundel is zijn romantisch lijden aan het leven tot een stoïsche gelatenheid verstild.

Vestigen wij eindelijk de aandacht op Herman Teirlinck, de meest kenschetsende vertegenwoordiger van het dilettantisme in onze letterkunde. Zijn uitgebreide roman „Het Gevecht met de Engel", vol overweldigende natuurtaferelen maar te weinig tot een vaste eenheid verbonden, lijkt ons minder overtuigend dat „Zelfportret of het Galgemaal", het gewetensondersoek van een bejaard man, die de kleinheid en dwaasheid van zijn leven dóórziet, maar het geestelijke houvast niet heeft dat hem zou toelaten met zichzelf en daardoor met zijn verleden af te breken.

*De Tweede Groep*

Een talrijke groep letterkundigen zijn tussen de twee oorlogen aan het woord gekomen. Sommigen onder hen, zoals dichter Gaston Burssens, zijn uit de ekspressionistische beweging gegroeid en aan haar vrije-verskunst trouw gebleven. Zodoende verbindt hij het geslacht van Paul van Ostaijen met de jonge aanhangers van de atonale poëzie. Anderen zoals Albert van Hoogenbemt en Marnix Gijsen hebben een ontwikkeling doorgemaakt die hen naar de psychologische roman heeft gevoerd. Eerstgenoemde heeft het vorige jaar, met „De Vlucht in het IJle", de waarde van „Die stille Man", waarvoor hem in 1939 de staatsprijs voor het proza werd toegekend, geëvenaard. Marnix Gijsen heeft sedert de jongste oorlog vooral als verhalend kunstenaar naam gemaakt. Vermelden wij, uit een gehele reeks romans en novellen, in de eerste plaats „Joachim van Babylon" en „Klaaglied om Agnes". In dat werk keert hij zich van het geloof en de geloofsgemeenschap uit zijn kinderjaren af, om uit een stoïcijns rationalisme de moed te putten, die volgens hem de hoogste van alle menselijke deugden is.

Bij veel schrijvers van deze afdeling overheerst het romantisme. Het stelt de gevoelswerkelijkheid in de mens boven de waarneembare realiteit buiten hem. Bij enigen gebeurt dat ter verheerlijking van godsdienst, volk en familie, de traditionele waarden waarnaar de meerderheid van onze mensen hun leven richten. Dat is ondermeer het geval met Emiel van Hemeldonck, schepper van heimatverhalen en historische romans en ook met Paul De Mont, die in 1950 overleden is en zich vooral als toneelschrijver deed gelden. Hierbij aansluitend dienen ook Dr. Stephanus Axters O.P., die een monumentale geschiedenis van de Nederlandse vroomheid op zijn naam heeft en Prof. Dr. Albert Westerlinck, de redakteur-sekretaris van „Dietsche Warande en Belfort", om zijn essayistisch en kritisch werk over de dichtkunst, alsook over Karel van de Woestijne e.a., in het licht gesteld.

Bij Gaston Duribreux, uit wiens omvangrijke voortbrengst wij „De zure Druiven" aanbevelen, leidde de trouw aan onze traditionele beginselen tot een problemenliteratuur, waarin hij tracht de plaats en de houding van de kristen in de moderne wereld te bepalen. Zelfs in het werk dat Willem Putman, onder zijn schuilnaam Jean Du Parc, tussen 1945 en zijn dood in 1954 heeft uitgegeven, ligt een etische bekommernis die hem, schitterende improvisator als hij was, van een oppervlakkige pathos heeft gered.

Romantieken uit antitraditionalisme zijn Filip De Pillecyn en Gerard Walschap. Ook zij leven in een ideale maatschappij, maar zij wordt door hen als een verwijt tegen de bestaande werkelijkheid opgesteld. Filip de Pillecyn keert zich in „Mensen achter den Dijk" tegen machtsmisbruik en huichelarij of zoekt in vroegere eeuwen figuren als „Vaandrig Antoon Serjacobs", die hij de dragers van zijn eigen heimwee en geluksverlangen kan maken. Harder en volkser, rechtstreeks op die man af, is de verhaalkunst van Gerard Walschap. Zijn sterkste romans uit de laatste jaren zijn „Zuster Virgilia", „Oproer in Congo" en „De Française". Hij verheerlijkt daarin de mens, die door de oorspronkelijke goedheid van zijn hart geleid, desnoods tegen zijn eigen welzijn in het welzijn der anderen nastreeft.

De sociale romantiek is vertegenwoordigend door Lode Zielens, van wie nog enige verhalen en een onvoltooide roman uitgekomen zijn, nadat hij in 1944 door een vliegende bom verongelukt werd en door Achilles Mussche, die, behalve een Shakespeareaans drama „Christopher Marlowe", dat prachtige gedeelten bevat, een roman „Aan de Voet van het Belfort" geschonken heeft, over de armoede en de strijd van de arbeidersklasse gedurende de vorige eeuw.

Sedert „Gebed om een goed Einde" dat van 1944 is, heeft Maurice Roelants geen romans meer uitgegeven. Wel verraste hij zijn lezers met „De Lof der Liefde", een bundel gedichten, waarin een romantisch symbolische inhoud in klassieke vorm wordt uitgedrukt. Verwant met deze poëzie, maar nog strakker naar de vormgeving, is het dichtwerk uit „De Gelieven" van Urbain Van de Voorde, die ook als kritikus bedrijvig bleef. Die andere vooraanstaande essayisten uit deze generatie zijn Dr. R. Lissens, met „De Vlaamse Letterkunde van 1780 tot heden", Dirk Vansina met een biografie van Verschaeve en Maurice Gilliams, die naast een kleine verzenbundel ook studies over dichters en schilders in het licht gegeven heeft.

Afzijds van degenen over wie reeds gesproken werd, moeten wij nog aandacht vragen voor volgende dichters, die eveneens romantische individualisten zijn: Pieter Geert Buckinx, die in „De Verzoeking der Armoede" zijn rijpste werk uitgaf, Karel Jonckheere, van wie wij het lange autobiografische gedicht „Spiegel der Zee" boven zijn andere bundels verkiezen en Jan Vercammen, die in „De Parelvisser" ook een lyrische uitbeelding van zijn levensgeschiedenis bracht. In „In de Klem der Tederheid" van Marcel

Coole wegen romantische en realistische elementen ongeveer tegen elkander op. Bert Decorte en René Verbeeck, die tussen 1930 en 1944 als vitalisten opgang maakten, lieten minder van zich horen en kwamen tot een ingekeerde, bijna meditatieve gevoelspoëzie, gelijkheid naar de lyriek die ondertussen door Paul Verbruggen of de meer godsdienstig gerichte Albe werd aangeboden.

Aan hen tegenovergesteld is Herwig Hensen, die als dichter en dramaturg een rationalistisch standpunt inneemt en ofschoon minder bekend, een der merkwaardigste persoonlijkheden uit onze hedendaagsche letteren is. Stippen wij terloops nog aan dat tijdens de behandelde periode ook het verzamelde dichtwerk van Richard Minne en een keur uit de poëzie van Raymond Herreman op de markt werd gebracht.

Overwegend realistisch is de vierdelige roman „Mijn Woningen" van Raymond Brulez. In deze quadrologie waarin veel eigen levensherinneringen opgenomen werden, is de schrijver erin geslaagd achter een schalkse, en soms libertijnse ironie, de onvrede van zijn tot weemoed geneigd hart te verbergen. Ook Marcel Matthijs is een realist waar het de waarneming van toestanden en verhoudingen betreft, wat evenwel nie belet dat zijn verhaalkunst het aangrijpendst wordt in „Wie kan dat begrijpen?", het verhaal waarin zijn schildering van de werkelijkheid met een onmiskenbare gemoedsinslag geladen is. Johan Daisne, dichter, toneel- en romanschrijver, heet zijn kunst magisch-realistisch, wat betekent dat zij op de werkelijkheid steunt en ze nietemin door haar symbolisch karakter overtreft. Zijn merkwaardigste boeken uit dit tijdperk zijn ongetwijfeld „De Man die zijn Haar kort liet knippen" en „Lago Maggiore".

*De Jongste Lichting*

Laten wij beginnen met het proza, dat uiteraard gelijkmatiger blijft dan de poëzie, die zich beter tot hernieuwing in de uitdrukking leent. Deselfde stromingen waarbij de schrijvers uit de middengeneratie kunnen ingedeeld worden, zetten zich ook bij hun opvolgers door. Alleen moeten naturalisme en eksistentialisme eraan toegevoegd worden.

Onder de romantische traditionalisten staat de bekende filmjoernaliste Maria Rosseels vooraan. Het vorige jaar verscheen van haar hand een tweedelige, historische roman, „Ik was een Christen", over de vierde eeuw van onze tijdrekening. Hij biedt een ontstellend beeld van de verwarring die de ondergang van het Romeinse Rijk vergezelde en munt

door een rijk geschakeerde en scherpe karaktertekening uit. Ook het werk van Paul Lebeau behoort tot dezelfde problemenliteratuur. Zoals in „Het Siegfried-Motief" handelt hij bij voorkeur over de onberekenbaarheid waarmede de vrije wil van de mens aan Gods genade beantwoordt. Frans Van Isacker maakte naam met „De Wereld veranderd" en „Maar er is een Uitweg". Hij vertelt daarin de lotgevallen van een familie en haar kennissen, tijdens en na de jongste wereldoorlog: de strijd tussen de verschillende partijen, de onvermijdelijke vergissingen, de bestraffing waardoor de enen bevoordeeld en de anderen vernietigd werden en de aanpassing, die het leven per slot van rekening weer dragelijk moet maken. Een andere verdediger der kristelijke levenswaarden is Valeer Van Kerkhove, die in „De Weerlozen" en „De Bungalow", de tegenstelling tussen geweten en instinkt of tussen het zuivere inzicht en de gevolgen van de hartstocht tot onderwerp heeft gekozen. In dezelfde gedachtesfeer brengen wij eveneens Luc Ter Elst met „Afscheid van het Paradijs", Bernard Kemp met „Het laatste Spel", Felix Dalle met „Bieten" (een kristelijke sociale roman) en Dries Janssen met „Het Seizoen" en „De Doolhof" onder.

Bij de uitstekende stylist Hubert Lampo is het romantisme met esoterische invloeden vermengd. Onder een tiental boeken noemen wij de mooie novellenbundel „Triptiek van de onvervulde Liefde" en de historische roman „De Duivel en de Maagd", waarin hij naar een verklaring zoekt voor de perversiteit van een Franse edelman uit de XVe eeuw, die voor zwarte kunst en allerlei misdaden ter dood veroordeeld werd.

Die knapste realist onder de hedendaagse jongeren is ongetwijfeld Piet Van Aken. In zijn proza kan een langzame versobering vastgesteld worden, die hem tenslotte toegelaten heeft een zuiver klassiek verhaal te schrijven. Het is de uitgebreide novelle „Klinkaart", over een meisje die (een halve eeuw geleden) haar eerste arbeidsdag op een steenbakkerij doorbrengt en daar van lieverlede op de aanslag op haar zedelijkheid, waaraan zij zich zal moeten onderwerpen, wordt voorbereid. Vier jongeren uit de laatste tijd maken de overgang naar het naturalisme uit. Het zijn Libera Carlier met zijn romans over de zeevaart, „De Zondagslepers" en „Duel met de Tanker", Prosper De Smet met „De Ontploffing", Ward Ruyslinck met „De Ontaarde Slapers" en Bert van Aerschot met „De Lift".

Ons hedendaagse naturalisme kan als een voortzetting van de kunst van Cyriel Buysse gezien worden. Maar een

voortzetting van die sterke Amerikaanse invloeden van Hemingway, Capote en Miller, vertoont. De zeer vruchtbare Louis Paul Boon heeft in vijftien jaar een twintigtal boeken op zijn rekening gebracht, verhalen over mensen die het slachtoffer van sociale misstanden en primaire driften zijn. Wat hen toch waarachtig en aannemelijk maakt is een onderstroom van verholen tederheid en verlangen naar recht en geluk. Ongeveer in dezelfde lijn, maar moedelozer, omdat het niet door een opbouwende wereldbeschouwing gedragen wordt, ligt het veelzijdige werk van Hugo Claus, die dichter, toneel- en romanschrijver is. Hij verwierf naam met „De Metsiers", de kroniek van een abnormale boerenfamilie. In de laatste maanden is zijn drama „Een Bruid in de Morgen" een der goede stukken, die de opleving van onze dramatische kunst bevorderd hebben.

Bij sommige Vlaamse schrijvers zijn er eksistentialistische opvattingen geweest vóór het eksistentialisme een modebeweging geworden was. Zij hadden echter binnen het geheel van hun geestelijke overtuiging, een beperkt belang. Daarentegen mag „Negatief", de pas verschenen roman van Jan Walravens, als een bewuste uiting van eksistentialisme aangemerkt worden. De hoofdpersoon is een man, die opzettelijk kwaad doet om de waarde van zijn bestaan voor zichzelf te bewijzen. In „Journal brut", een indrukwekkend verhaal dat aan Kafka herinnert, wordt Ivo Michels slechts door een laatste verzet van de wil van de vertwijfeling om de doelloosheid en zinledigheid aller dingen gered. Michiels is van het vitalisme vertrokken en verkreeg gaandeweg bekendheid o.a. met „Kruistocht der Jongelingen" en „Het Afscheid".

Onze jonge dichters kunnen in drie afdelingen gerangschikt worden. De traditionalisten, die romantieken en symbolisten zijn, overtreffen de anderen door de rijkdom van hun persoonlijkheid en de waarde van hun poëzie. Wie „Het Land der Mensen" van Anton Van Wilderode, de „Gedichten" van Jos De Haes en de „Gedichten" van Hubert Van Herreweghen bezit, heeft de voornaamste verzenbundels van de jongste lichting voorhanden. Zeer begaafd is ook Christien D'Haen, die totnogtoe alleen aan tijdschriften medewerkte, terwijl de godsdienstige lyriek van Reninca niet minder bewonderaars telt.

Een tweede groep stond in 1949 rond het jongerentijdschrift „Tijd en Mens" geschaard. Zij wilden afbreken met de klassieke prosodie, waren beïnvloed door de tijdsomstandigheden en streefden door hun kunst een verbetering van de maatschappelijke toestanden na. Onder de voornaamste

volgelingen van deze richting stonden R. C. Van de Kerckhove, (die ondertussen bij een auto-ongeval omgekomen is), Erik van Ruysbeeck, Ben Cami, Marcel Wauters en Albert Bontridder, op de voorgrond. Totnogtoe is het Bert Cami, die ons met „Het Land Nod" het meeste overtuigende bewijs van zijn kunnen verschaft heeft.

Die jongsten onder de jongeren eindelijk, stichters van of altans medewerkers aan de tijdschriften „De Meridiaan", „Taptoe", „Gard-Sivik" en „Het Cahier", willen volgens een verklaring van hun woordvoerder Adriaan De Roover een dichtkunst die niet dienstbaar is en als taalverschijnsel zonder logische gedachteninhoud gewaardeerd moet worden. Op die manier sluiten zij aan bij het futurisme en dadaïsme, waarvan 35 jaar geleden „Het Overzicht" bij ons het orgaan was. Onder de voorstanders van deze „autonome dichtkunst" deden behalve De Roover, Ruro Durant, Hugo Raes, Willy Roggeman, Paul Snoek en Claude Corban, het meest van zich spreken. Vermeldenswaard is ook dat Paul De Vree, die tussen de twee oorlogen als vitalist is begonnen, zich na 1945 bij de eksperimentelen heeft aangesloten, zooals dat een kwarteeuw vroeger door Karel Van den Oever bij de toenmalige ekspressionisten werd gedaan.

Tenslotte komen wij even terug op die huidige wederopleving van onze dramatische kunst. Zij is hoofdzakelijk aan de bedrijvigheid van de jonge „Vereniging van Vlaamse Toneelauteurs" en het initiatief van sommige liefhebberskringen te danken. Wij beschikken ten andere slechts over twee schouwburgen (Antwerpen en Brussel) waaraan een vast gezelschap verbonden is. Benevens van de reeds genoemde ouderen, is het van Andries Poppe, Staf Knop, Piet Sterckx, Luc Vilsen, Walter Eysselinck, Paul Berkenman, en inzonderheid nog van Tone Brulin en Jozef Van Hoeck, die ook reeds in het buitenland gespeeld worden, dat thans de toekomst van ons toneel afhangt.

Alles samengenomen hebben wij geen reden om op onze hedendaagse letterkunde niet trots te gaan. Maar wij beseffen meteens dat die fierheid een gevaar kan worden als ze niet gepaard zou gaan met de wil om het steeds beter te doen. Een klein volk als het onze, dat voortdurend de uitdaging van een anderstalige kultuur moet overwinnen om zichzelf te blijven, mag geen voldaanheid kennen.

# By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen ons gewone tarief.—Redakteur.)

MARIA:

## Bàrabbas

*(Na aanleiding van die karakter uit „Man van Ciréne")*

*Die lig wou lomp en hoekig*
*sy strak gedagtes breek*
*en skeur, soos die basuin die vuil gesmeek*
*wat kwylend, stinkend, vloekend by die mark*
*— soos spiese van Romeinse wagte steek —*
*deur oggendkoelheid oor Jerusalem.*

*Maar in die kerker is net klip*
*en bietjie lig; net sweet en strooi*
*en haat; hier waar Rome*
*met geselhoue praat . . . !*
*Net kap en kreun en beur*
*totdat die grootste kragte in jou skeur*
*en wegvloei in één vasgryp van geel strooi . . .*

*En toe die lig weer klam en skaars*
*die kerker vul*
*het Bàrabbas verstrak:*
*Sy lewenskrag het yl geword*
*tussen die strooi en klip en blink gedrup*
*wat saampers in die greep*
*van rots wat breek . . . !*

*Maar klip en ketting het verbleek*
*in groter Lig, in blink geruis:*
*in Bàrabbas se hand —*
*een glanswit kruis!*

## Berusting

*O, hart, waar is die rus*
*wat skemerwit*
*my gees se glansvlak vlug*
*en blink wou maak soos skemerlug . . . ?*

*Nou is my hande hoog*
*in bedeboog*
*gehef, wat bleek en dun*
*en arm wil smeek om lig en rus . . .*
*Want diep en swart*
*hang in my hart*
*die dooie drag;*
*Onvrugb're gedagtes*
*wat aaklig vroeggebore sterf —*
*Of soos 'n slap gewrig my gang vertraag*
*of modderswaar my swakke voetstap stuit . . .*

*O Heer, al is my vlees gedoem,*
*skenk U die rus wat hul genade noem . . .*
*Want in U hande glans die spoel*
*en droomfyn draadjies van U doel*
*asof dit kosbaar is . . .*
*Vir my een vreemde, wit geblink*
*(want ek is arm en gans vermink*
*deur skuldbesef) —*
*Maar van een lig is ek bewus,*
*een skoonste glans:*
U IS DIE RUS.

## Liefdesontwaking

*Wat is die vreemde, soet gewig*
*wat soos 'n wierookwolk*
*die tempelkoepels van my gees*
*omdraal het met 'n vreemde lig . . . ?*

*Die tempelklok se klank*
*was suiwerder, die silwernote het gerank,*
*die marmersuile vlug omweef . . .*

*Toe het die teeromraamde beeld*
*hier op my hart se sarkofaag kom val*
*deur luike wat die smal, teer hand*
*van liefde stil ontsluit het . . .*

*Die kandelare het gegloei,*
*die offerrook het wit gekring*
*ek het my lofgebed gebring*
*met diepste dank —*
*en tempellugte het my lied*
*ook in jou handgebaar, jou stem verklank . . .*

# Die Oomblik

*Ek het in blye eerbied*
*gejuig, en nes 'n kind*
*het ek my lewe in die oomblik*
*in rooi en blou*
*agter blink glas gevind.*
*My hand het lomp daarteen gestuit —*
*By die geluid het ek geweet*
*dat alles net weer een sou word*
*met daardie blink en blou en ewigheid*
*wat steeds my siel*
*se vreemde vlak omvou . . .*
*Ek het gelag en bly die oomblik*
*soos bergwater oor my hand laat gly;*
*maar bang gestaar*
*na waar die strak lyn van die tyd*
*altyd nouer trek*
*totdat dit dun en wreed*
*'n lig word in my leed!*

# Bose

*Die warm drif was boos en fel*
*asof die hel*
*naby gekom het;*
*totdat die swart en stank*
*my wild laat steier; slap en mank*
*laat val, laat voortsleep . . .*
*(Of het jy altyd maar geskuil*
*in die oneffe vlak van my bestaan*
*in groewe vreemd en vuil . . . ?)*

*Al lewe is net die bitter*
*skuimopdrifsels teen skerwe glas*
*en kraaie wat swart*
*oor swarter ou-veld kras . . . .*

A. A. SNYMAN:

# Eensaamheid

*Daar by die groenblou see*
*waar alles in die wentelgang*
*van eeue oue branders sleur;*
*daar het ek 'n eensaamheid aanskou,*
*'n eensaamheid*
*wat soos 'n diep-verborge smart*
*onstuimig is.*

*Ver kon ek die deining sien*
*wat suiwer breek,*
*en bars en skuimend vou en val*
*totdat dit één is*
*met die lug se blou.*

*Die wind se lekking aan my wang*
*het weemoed in my hart gebring,*
*want fyn en bros het vlokke skuim*
*sneeuig aan my wang geklam.*

*Sy lied het soos 'n simfonie gerank*
*en heuningsoet in my gedrup,*
*totdat my siel deurdrenk was*
*van sy vreemde god'likheid.*

*Dis daardie eensaamheid*
*wat in my wurg,*
*as ek deur hierdie stad*
*se grou-verlate strate gaan.*

# Die Blinde

*Ken U die stryd waarmee*
*ek worstel Heer?*
*Die somber smart*
*waarteen ek skuiling soek*
*in hierdie donker sfeer*
*van eensaamheid?*

*Ken U die swart*
*en donker nag waarin*
*ek dwaal? — of het*
*U my gedompel in*
*die ewigheid se duisternis?*

# Hirosjima

*Die son moes wankel, breek*
*in duisend flarde wat*
*die oorlogsvlam uit elke hart*
*verdoof.*

*Toe stort*
*die Hel*
*in vuur*
*neer oor die stad —*
*en word*
*in hom die groeisel van*
*'n vrees-*
*en oer-kompleks*
*wat jare later nog*
*die muur*
*sal wees*
*waarteen hy stuit.*

# Kreupele

*Wanneer hy afgemat en moeg,*
*sy liggaam sleep van kroeg na kroeg,*
*verbrand hy met die vlam van wyn*
*die mankheid wat daar in hom skryn.*

# Komponis

*Wees U die lied in my o Heer,*
*die suiwer klank waarmee*
*ek in die stilte aan 'n teer*
*herinnering opnuut geboorte gee.*

MATTIE J. HATTINGH:

# Kwartet

VLUGTELINGE

*Oor 'n landskap grou;*
*bang voëls gewit*
*teen blink gestreepte blou.*

VERLANGE

*Oor die skurwe veld se rug*
*in eensaamheid verban,*
*'n flap se fladder vlug.*

BEVRUGTING

*Blink saad wat sif*
*bevrug die sluimer lewe,*
*met nuwe somer drif.*

PRISONIER

*Die winter sluit my agter glas,*
*waar reën se stippel val*
*aan spieëls van water las.*

# Vreemdelinge in die stad

*Met tregterbroek en strikkiesdas*
*kuier op die straat se hoek,*
*'n stad se skemer las.*

*Saans wanneer die nag*
*sy donker skadus stort,*
*steel 'n swarthand mag*
*vreemde huise kort.*

*Later by 'n ritteldans*
*aangeklam deur skokiaan,*
*skeur 'n mes se eerste kans*
*die swart Amerikaan.*

# 'n Onbevoegde Voorligter

Ek het onlangs deur middel van 'n brief in die pers daarop gewys hoe Jan Greshoff, een van die redakteurs van *Standpunte*, Suid-Afrika se goeie naam beswadder het in die tydskrif *Het Boek van Nu* (Junie-Julie 1958). In die eerste gedeelte van sy artikel „Letterkundig Leven in Zuid-Afrika" beweer Greshoff o.a. dat daar in Suid-Afrika geen sprake meer is van vryheid van vereniging en vergadering nie omdat elke vergadering volgepak word met speurders. Verder word ons briewe oopgemaak, ons telefoongesprekke afgetap. Ons sensuur is so swak en onbevoeg dat klassieke skrywers in die ban gedoen word as hulle maar net 'n paar onwelvoeglike woordjies geskrywe het. Een van die dae sal moontlik alles, behalwe *Die Kerkbode*, verbode wees!

Greshoff het in sy repliek wel ontken dat dit sy bedoeling was om 'n politieke aanval op die Regering te doen, maar hy kon geen bewyse lewer vir sy fantastiese bewerings nie.

In die tweede gedeelte van dieselfde artikel bepaal Greshoff hom meer tot letterkundige sake. Maar ook in hierdie deel, wat ek hier 'n bietjie nader wil beskou, staan dwase veralgemenings, skewe voorstellings en sogenoemde feite uit ons letterkundige geskiedenis waarvan Afrikaners nog nooit gehoor het nie.

Hy begin met die Afrikaners te prys omdat ons so maklik 3,000 eksemplare, van 'n moeilike digbundel van N. P. van Wyk Louw of 'n drama van Opperman koop. Maar nou kom die beledigende, venynige steek: Ons koop hierdie boeke alleen „om de goede zaak te dienen", want ons besit nie die ontwikkeling om dit te kan lees nie en as die „beste, brave, gemiddelde Afrikaner" na ontspanning soek, kies hy in nege uit tien gevalle . . . 'n *Engelse* boek!

Die bewyse vir hierdie oordrewe mening ontbreek natuurlik heeltemal, maar die beste, brawe gemiddelde Kaas sal dit wel met huidjie en muidjie sluk, want Jan Greshoff woon al so lank onder die Afrikaners dat hy darem iets behoort te weet. As hy maar net wil onthou dat ook in Nederland baie boekrakke staan, „gevuld met de room van de (Nederlandse) letteren en verder kasten vol met Engelse (en Franse romannetjies". Maar wie sal nou so kinderagtig wees om uit 'n paar gevalle van hierdie aard af te lei dat die deursnee Nederlander sy beste skrywers se werke nooit lees nie?

Ons het geen boeiende lewensware romans en daar bestaan geen Afrikaanse kritiek nie, beweer Greshoff verder. Die eerste bewering kom van 'n ongenoemde Afrikaanse uitgewer wat liewer koffie en suiker moet gaan verkoop omdat hy tog van boeke niks weet nie. Dit sou maklik wees om met syfers te bewys dat ons 'n groot aantal goeie romans besit wat goed verkoop.

Die tweede bewering berus op die klag van *een* jong skrywer wat alleen 'n paar onnosele aankondiginkies van sy werk gekry het i.p.v. 'n diepgaande bespreking. Dit moet nou dien as kastige bewys van die nie-bestaan van ons letterkundige kritiek. 'n Mens wil graag erken dat sedert die verdwyning van *Ons Eie Boek* en die gereelde resensieafdeling van *Die Huisgenoot* ons kritiek agteruitgegaan het. Maar solank as dit nog beoefen word in ons twee letterkundige tydskrifte, en dikwels ook in die dagblaaie, is dit erg oordrewe om te beweer dat dit glad nie bestaan nie.

Watter kenner van die Afrikaanse lettere dra kennis van die bestaan van 'n onsalige kliek wat in 1939 alles gedoen het om Van Wyk Louw teë te werk, klein te hou en te isoleer? En wie kan bewys dat sommige Transvalers die „wildste persoonlijke aanvallen" op Opperman gedoen het? 'n Mens sou graag die bewyse vir hierdie fantastiese bewerings wil sien. Greshoff konstateer dat die kliek bestaan het uit 'n klein aantal bedrywige hoogleraars en hul agter-

ryers. Almal kan natuurlik raai wie bedoel word. Maar sover my kennis strek, was daar net een van hulle wat die nuwe kuns nie gewaardeer het nie. Daar word smalend geïnsinueer dat hierdie kliek bang was vir hulle „posisie", dat hulle belanghebbendes was „die de nationale beschaving ten achter stelden bij hun vooroordelen en bij de voordelen (uitgedrukt in aanzien, posten en toelagen) welke het onderonsje bood. En helaas, schoon in véél mindere mate, nog biedt."

As 'n mens baklei, moet jy ridderlik baklei. Hier word onder 'n deursigtige dekmantel van anonimiteit verder gegaan as net aanstootlik wees teen bekende en geagte letterkundiges. Ek wil hieroor nie verder uitwei nie, want sulke verdagmakery kom gelukkig in Suid-Afrikaanse polemieke nog nie voor nie.

Daar is baie van ons wat reeds lange jare alles in ons vermoë doen om op kultuurgebied 'n goeie verstandhouding met die ou stamland op te bou. Ek vind dit 'n saak van groot droefheid dat hierdie groot taak moedswillig bemoeilik word deur iemand wat oënskynlik onbevoeg en onkundig is om op te tree as voorligter oor die Suid-Afrikaanse letterkundige lewe. Ons is nie bang vir sy kritiek nie, en ons wil graag meer weet van ons tekortkomings sodat ons ons kan verbeter. Maar ons vra net: Is dit billik en fatsoenlik om ons agter ons rug te beskinder in 'n blad wat weinig Afrikaners gereeld lees? En verder: Is dit billik om allerlei fantastiese, oordrewe en beledigende bewerings te maak sonder 'n krieseltjie van 'n bewysie?

P. C. SCHOONEES.

Stellenbosch,
2 Oktober 1958.

# Oor Boeke

*Tussen Kriek en Wielewaal,* deur Fernand Florizoone. (De Bladen voor de Poezie, Capucienenvest 6, Lier, 1958.)

Fernand Florizoone is 'n digter wat fyn poësie uit klein dingetjies kan haal. Hierdie Pallieter word ontroer om dan dié gepuurde distillaat van sy indrukke te verwoord. Sy woordkuns is ook fyn soos dun glas:

Die vlinders bibberen van kleuren  
broos als dauw  
en adem.

Die wonderbaarlikheid van klein natuurdingetjies soos 'n slak, 'n wurm, 'n akkedis gryp hom aan, en hy versin die realiteit van elke fynste indruk:

De waterbel  
zingt  
aan het morgenhek  
als champagne  
doorzichtige muziek  
van gezegende regen.

en weer: De regen pijpt een lied van luisteren  
en tikt als Harlekijn  
zijn schoon verdriet  
op alle ruiten.

Maar juis omdat hierdie digter so intens die wóórd en sy klank in die stellasie van sy gedig inwerk, is sy digvorms nog onvolgroeid. Sy geliefde vorm is dié van die klein lied — ingewinge wat glansend verwoord is, maar wat nog nie die ewewig van bewuste vormtug toon nie.

Die interpretatiewe gedigte, soos die behaaglike *De Dood* en 'n paar onder *De Haard,* omvat dan ook grootser temas en lyk nie so opvallend na liriese kleinkuns nie. Genoemde gedigte dui moontlik die rigting aan waarheen hierdie digter se uitingswyse groei:

*De Dood*

Hij speelde met een dode vogel  
in een straat die middag was,  
niemand zag het bijna,  
men at aardappelen met sla,  
de kinderen spraken bonte woorden  
en vader dacht wat in zijn dagblad na;  
nee, niemand zag het bijna  
dat de dood in de stad  
als een kat  
met ene vogel speelde  
zoals een kind soms met een pop  
het leven nadoet.  
En niemand hoorde  
noch zag  
dat hij toen zonder woorden  
binnentrad  
en vader dood achter zijn dagblad zat.

Hierdie skraal bundeltjie is op elke bladsy vol woordkuns; in baie versreëls is daar die magiese woordrangering wat ons poësie noem.

C. W. Hudson.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

# KEURLYS VAN AFRIKAANSE BOEKE VERSKYN IN 1957

## A. *ALGEMEEN*

| | | |
|---|---|---|
| Johannesburgse Openbare Biblioteek | *Register van Afrikaanse Poësie* | Van Schaik |

## B. *BLOEMLESINGS*

| | | |
|---|---|---|
| Beukes, Gerh. J. | *Vyf Nuwe Eenbedrywe* | Van Schaik |
| Bruggen, J. van | *Karakters op ons Vlakte* | A.P.B. |
| Eybers, E. | *Versamelde Gedigte* | |
| Lategan, F. V. | *Son en Safier* | Van Schaik |
| M. E. R. en ander | *Kwartet* | N.B. |
| Malan, S. J. | *Kom Saam* | A.P.B. |
| Plessis, I. D. du | *Versamelde Verse* | N.B. |

## C. *VERTALINGS*

| | | |
|---|---|---|
| Schweitzer, Albert | *Uit my jong dae,* na die Duits vertaal deur Hymne en Dellev Weiss | Balkema |
| Vedder, H. | *Kort Verhale uit 'n Lang Lewe,* vertaal deur L. F. la Grange | Balkema |

## D. *DRAMA*

| | | |
|---|---|---|
| Franz, G. H. | *Modjadji* | A.P.B. |

## E. *VERSE*

| | | |
|---|---|---|
| Malherbe, D. F. | *Kruis en Kraai* | N.B. |
| Visser, A. J. J. | *Kaleidoskoop* | N.B. |
| Watermeyer, G. A. | *Republiek van Duisend Jaar* | Skrywer |

## F. *PROSA* (waarby ingesluit is boeke vir die rypere jeug)

| | | |
|---|---|---|
| Blignault, A. B. | *Die Vrolike Lied* | N.B. |
| Franz, G. H. | *Masilo se Oorwinning* | Van Schaik |
| Franz, G. H. | *Twee Wêrelde* | A.P.B. |
| Klerk, W. A. de | *Poens I* | A.P.B. |
| Longden, H. W. D. | *Ligvoet die Koedoebul* | Tafelberg |
| Louw, A. M. | *Die Koms van die Komeet* | Tafelberg |
| Mikro | *Die Bont Takbok* | N.B. |
| Mikro | *Gonnakolk* | Voortrekkerpers |
| Mikro | *Die Nooiensuil* | N.B. |
| Postma, M. | *Skurwejantjies en Stories* | Naweekpos |
| Postma, M. | *Totsiens Talettie* | Balkema |
| Pretorius, G. D. J. | *Boetatjie* | Culemborg (H.A.U.M. voortaan) |
| Rabie, J. S. | *Dakkamer en Agterplaas* | Balkema |
| Rabie, J. S. | *Swart Ster oor die Karoo* | Balkema |
| Schoeman, P. J. | *Waar Ver Winde Waai* | Voortrekkerpers |
| Schwellnus, Otto | *Maripane* | Dagbreek |
| Steyn, Christa | *Trippelpas en Kaapse Draai* | N.B. |
| Venter, F. A. | *Man van Cirene* | Tafelberg |
| Vermaas, H. J. | *Die Swartwitpens* | N.B. |
| Wyk, C. R. de W. van | *Swerwerhond* | A.P.B. |

Van Schaik ...... ...... Nasionale Boekhandel Bpk., Posbus 122, Parow, K.P. of
N.B. ...... ...... ...... ...... ...... Posbus 9898, Johannesburg.
Afrikaanse Pers Bpk., Posbus 845, Johannesburg.
A.P.B. ...... ...... ...... ...... A. A. Balkema, Uniehuis, Koningin Victoriastraat, Kaapstad.
Balkema ...... ...... ...... Culemborg, Langstraat 58, Kaapstad.
Culemborg ...... ...... ...... Tafelberg Uitgewers (Edms.) Bpk., Waalstraat 25, Kaapstad.
Tafelberg ...... ...... ...... Voortrekkerpers Bpk., Posbus 8124, Johannesburg.
Voortrekkerpers ...... Dagbreekpers, Bpk., Posbus 6181, Johannesburg.
Dagbreek ...... ...... ...... Naweekpos, Langstraat 123, Kaapstad.
Naweekpos ...... ...... ...... J. L. van Schaik, Bpk., Posbus 724, Pretoria.